

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT
Aucklandpark Johannesburg
Republiek van Suid-Afrika
Postbus 524
2000 Johannesburg



RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT
Telegramadres Rauniv
Teleks 424526 SA
Tel : (011) 4892132
Faks: (011) 4892049

FAKSIMILEE VERSENDING

3972211

AAN: Technical Committee on Fun-
damental Rights
World Trade Centre
Kempton Park

ATTENTION: Ms Miriam Cleary

VAN : Prof. E.F.J. Malherbe
Rand Afrikaans University

TEL : 011-4892588

FAKSNO: " 4892049

AANTAL BLADSYE (INSLUITENDE DEKBLAD) 14

DATUM: 20 August 1993

TYD : 9:30

Skakel asseblief onmiddellik indien u nie al die bladsye ontvang het nie, of indien daar gedeeltes is wat onleesbaar is.

905

RAND AFRIKAANS UNIVERSITY
Auckland Park Johannesburg
Republic of South Africa
PO Box 524
2000 Johannesburg



RAND AFRIKAANS UNIVERSITY
Telegraphic address Rauniv
Telex 424526 SA
Telephone (011) 489 2911
Fax (011) 489 2191

25

The Chairperson
Technical Committee on Fundamental Rights
Negotiating Council
World Trade Centre
Kempton Park

20 August 1993

Dear Sir

FREEDOM OF ART AND SCIENCE, RESEARCH AND TEACHING


I hereby take the opportunity to bring to your attention one particular aspect of the proposed Chapter on Fundamental Rights.

In your last report (the seventh) no explicit provision has been made for a right to the free exercise of art and science. In a number of modern constitutions, for instance those of Germany, Spain and Portugal, concepts such as, *inter alia*, academic freedom and university autonomy are protected in terms of this right. The original proposals for a bill of rights by the SA Law Commission (clause 13), the ANC (clause 5 (11)), the DP (clause 12 (3)), the Government (clause 31) and the IFP (clause 48), also contain references to this right. I believe that this is one of those matters that should be addressed explicitly in the Chapter on Fundamental Rights and for your information I include a copy of an article in which I argue in favour of the protection of this right. Please refer to paragraph 3 (p 379-381) in particular for a possible wording of such a right.

I sincerely hope that you will carefully consider the inclusion of this important right in your proposals. Every country and even more so a developing country, needs academic and scientific excellence and any infringement of academic freedom and university autonomy will no doubt jeopardise the contribution to be made by academics and institutions of higher learning to the development of the people of South Africa.

Wishing you well in your deliberations.

Kind regards


Department of Public Law

906

TYDSKRIF VIR DIE SUID-AFRIKAANSE REG

Journal of South African Law

ARTIKELS

F J Malherbe: Die regsbeskerming van akademiese vryheid en universiteitsoutonomie in 'n nuwe Suid-Afrika	359
Raymond Weeks: Empire's law: Hong Kong's colonial Bill of Rights	384
J M Otto: Verbruikerkoedietwetgewing: vers lesse uit Duitsland (deel I)	395
A J H Pleysier: Rubrica non facit ius? Iets over de systematiek van het nieuwe Burgerlijk Wetboek, meer in het bijzonder over Meijers' verdeling der zakelijke rechten over de boeken 3 en 5	408
William Olivier: International refugee law: a reappraisal	424
T E Brincker: Die keuseleersak in die Suid-Afrikaanse belastingreg	439
F R Malan and J T Pretorius: Holders, collecting banks and payment	454
Nereus L Joubert: Die voorgestelde Kredietwet en finansiële huur	465

AANTEKENINGE

Verpligte bloedtoetsing by vaderskappinge? deur J M T Labuschagne	482
Die effek van artikel 44 van die Versekeringwet op insolvente bestorwe boedels deur André Roothman	487

REGSPRAAK

Kontraksluiting en toerekenbare skyn—Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd (formerly known as Sonarep (SA) (Pty) Ltd v Pappadogiannis 1992 3 SA 234 (A) deur Schalk van der Merwe en Louts van Huyssteen	493
The retrospectivity of the amendments regarding prescription of claims under the Multilateral Motor Vehicle Accident Fund Act 94 of 1989—Swanepoel v City Council of Johannesburg (unreported judgment of the Witwatersrand local division delivered on 1 December 1992 under case no 20767/92), Burger v President Insurance Company Limited (unreported judgment of the Durban and Coast local division delivered on 19 January 1993 under case no 49457/92) by P H O'Brien	498
Die onderskeid tussen uitbreiding van die gebou en veranderings aan die binnekant van 'n woonstel gevolg deur die bepaling van die ou en die nuwe Wet op Doelstelsel—Controlling Body of the Lafané Building No 23 of 1976 v Van Heerden 1992 4 SA 585 (SOK) deur C G van der Merwe	508
Die grense van geoorlooftheid by deurlopende oëkskulddinansiering—Interland Durban (Pty) Ltd v Walters NO and Another 1993 1 SA 223 (K) deur Nereus L Joubert	517
Aspekte van aanspreeklikheid weens 'n late en suiwer ekonomiese verlies—Kadir v Minister of Law and Order 1992 3 SA 737 (K) deur J Neethling en M Potgieter	525
Constitutionele interpretasie: Dworkin en "ander oorewegings"—Nyamakazi v President of Bophuthatswana 1992 4 SA 540 (B) deur A Boschhoff	531
Accountability of cabinet ministers and civil servants for contempt of court—M v Home Office and Another 1992 4 All ER 97 (QBD and (A)) by George N Barrie	536
OEKBESPREEKINGS EN -AANKONDIGINGS	
E Devenish: Interpretation of Statutes	540

Die Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg staan onder beheer van die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Randse Afrikaanse Universiteit Johannesburg. Die redaksie erken die finansiële steun van Couszyn, Hertzog en Horak.

ISSN 0257-7747

Redaksie: M F B Reinecke BA LLB (redakteur) S O' Brien BA (taafadviseur)
P H O'Brien BCOM LLM J L Neels BA LLM
M W Prinsloo BA LLB E F J Malherbe BA LLB
F J de Jager BA LLB J J du Plessis BProc LLM LLB

Redaksionele advieskomitee: prof E Kahn SC; sy ed appèregter J C Krieger; adv A W Mostert SC; sy ed appèregter P M Nienaber; prof S A Strauss SC; mnr S W van der Merwe en prof S W J van der Merwe.

Redaksie-adres: Fakulteit Regsgeleerdheid Randse Afrikaanse Universiteit Posbus 524 Aucklandpark 2006 Suid-Afrika/Editorial address: Faculty of Law Rand Afrikaans University Box 524 Auckland Park 2006 South Africa—Telefax (011) 4892049.

Bydraes in Afrikaans of Engels is welkom. Artikels moet vergesel wees van 'n kort opsomming in 'n ander amptelike taal. Bydraes in die styl van die TSAR moet gerig word aan die redakteur en moet verkieslik nie langer as 7 000 woorde wees nie.

Uitgewer: Juta en Kie Bpk Kaapstad—Wellton—Johannesburg.

Uitgewersadres: Posbus 14373 Kenwyn 7790 Suid-Afrika—Telefaks (021) 7616010.

Publisher's address: Box 14373 Kenwyn 7790 South Africa—Telefax (021) 7616010.

Hierdie tydskrif verskyn in Februarie, Mei, Augustus en November van elke jaar. 'n Register vir

1993 TSAR 359

Die regsbeskerming van akademiese vryheid en universiteitsoutonomie in 'n nuwe Suid-Afrika*

E F J MALHERBE**

"No one ought to meddle with the universities, who does not know them well and love them well."¹

Met hierdie woorde het Thomas Arnold reeds in die vorige eeu uitdrukking gegee aan die populêre opvatting dat akademiese vryheid en universiteitsoutonomie diep gewortelde en gekoesterde beginsels is wat nie ligtelik aangetas behoort te word nie. In werklikheid berus hierdie siening op tradisie, hang die vryheid van universiteite en akademië van die staat af en word hulle huidige posisie deur wetgewing bepaal.

Die huidige tydsgewrig van fundamentele verandering is daarom van groot belang vir die toekoms van universiteite. 'n Nuwe grondwetlike bedeling, gebaseer op 'n verskanste grondwet en 'n beregbare handves van regte, sal ongetwyfeld 'n invloed op byna elke lewensterrein hê. Hoër onderwys is een terrein wat na alle waarskynlikheid geaffekteer sal word en meer spesifiek is dit 'n vraag wat die posisie van universiteite en akademië sal wees. In hierdie bydrae word besin oor die beskerming wat die reg aan die beginsels van akademiese vryheid en outonomie kan en moet verleen ter wille van universiteite en akademië se optimale bydrae tot die wetenskap en die opbou van ons ontwikkelende samelewing.

In die eerste afdeling word die herkoms en betekenis van die begrippe akademiese vryheid en universiteitsoutonomie kortliks ontleed. Die tweede afdeling word gewy aan 'n oorsig van die regsbeskerming van akademiese vryheid en outonomie in enkele state. Derdens word die huidige posisie van Suid-Afrikaanse universiteite en die veranderende milieu waarbinne hulle funksioneer, kortliks geskets. Teen hierdie agtergrond word daarna besin oor moontlike wyses waarop akademiese vryheid en outonomie regtens beskerm kan word. Enkele verbandhoudende aspekte wat ook die toekoms van universiteite ten nouste raak, maar buite die bestek van hierdie bydrae val, word ten slotte genoem.

* Rede gelewer op 28 April 1993 by die aanvaarding van 'n professoraat in Publiekreg aan die Randse Afrikaanse Universiteit. Die outeur is innig dank verskuldig aan kollegas, veral Ig Rautenbach, en andere se ondersteuning en waardevolle kommentaar.

** Professor in Publiekreg, Randse Afrikaanse Universiteit.
Uit 'n brief van Thomas Arnold, 1837, herdruk in Stanley *The life and correspondence of Thomas Arnold* (1881) 67.

207

20 AUG '93 09:21 RAU REGSFAKULT 11 4892049



I Akademiese vryheid en universiteitsoutonomie

I Ontwikkeling en huidige stand

Universiteite het in die middeleeue tot stand gekom² en veral die universiteite van Parys en Bologna, wat vroeg in die dertiende eeu wasdom bereik het, word beskou as die voorlopers van die moderne universiteit.³ Die idee van akademiese vryheid en universiteitsoutonomie het min of meer terselfdertyd posgevat.⁴ Die erkenning wat veral die Universiteit van Parys begin geniet het vir uitnemende akademiese prestasie, het gelei tot die verlening van formele outonome status deur sowel die pous as die Franse koning.⁵ Die akademiese vryheid van dosente is ook in die proses erken.⁶ Outonomie, wat die aanstelling van dosente, die organisasie van onderrig en die vasstelling van leerplanne, ingesluit het,⁷ het weens die kerk se besorgdheid oor die suiwerheid van leer en die staat se belangstelling in die invloed wat universiteite op die samelewing sou kon uitoefen, nie ongekwalfiseerd gegeld nie.⁸ Akademiese vryheid en outonomie het desondanks spoedig na alle Wes-Europese universiteite uitgekring.⁹

Aanvanklik het universiteite die spanning wat die kerk en die staat se besorgdheid meegebring het, ontloot deur op die gesag van die pous te steun. As gevolg van die opkoms van die staat en die uiteindelijke skeiding tussen staat en kerk, kon universiteite mettertyd egter nie meer die kerk en die staat op hierdie wyse teen mekaar afspeel nie.¹⁰ Intendeel, die kerk se gesag oor die sekulêre wêreld, insluitende universiteite, het na die staat verskuif. Universiteite het voortaan uit hoofde van staatlake gesag bestaan en was per definisie daaraan ondergeskik.¹¹ Daarbenewens het die uitbreiding van universiteite, die samelewing se groeiende belangstelling in hulle doen en late en hulle toenemende finansiële afhanklikheid van die staat, tot groter staatsbetrokkenheid by universiteite gelei.¹² Hierdie aftakeling van outonomie het tot in die negentiende eeu voortgeduur.¹³

Die status van universiteite en akademici het nogtans nie heeltemal verlore gegaan nie. Die vryheid van akademici om na goeie dinge te onderrig en

² Daarom word die begrip "universiteit" herlei na die middeleeuse uitdrukking *universitas magistrorum et scholarium*, dws 'n gemeenskap van leermeesters en leerlinge van daardie tyd (Pauw *Die westerse universiteit: sy ontstaan, aard en toekoms* (1975) 26).

³ Perkin "History of universities" in Altbach (red) *International higher education: an encyclopedia* (1991) 171-172; Duryea "The university and the state: a historical overview" in Altbach en Berdahl (reds) *Higher education in American society* (1981) 19; Pauw 14 ev.

⁴ Glenn en Dalglish *Public universities, state agencies and the law: constitutional autonomy in decline* (1973) 7.

⁵ Perkin 172.

⁶ Fuchs "Academic freedom: its basic philosophy, function and history" in Baade en Everett (reds) *Academic freedom: the scholar's place in modern society* (1964) 6.

⁷ Kaul *Governance of universities: autonomy of the university community* (1988) 23; Reeves "The European university from medieval times" in Niblett (red) *Higher education: demand and response* (1970) 61 ev. Dit is ironies dat die dorpenaars se gewelddadige reaksie op studente-amok in 'n kroeg in 1229 die direkte oorsaak was van die koninklike bevel waarin hierdie "voortrekte" van die Universiteit erken is! (Perkin 172; Pauw 25).

⁸ Duryea 17 ev.

⁹ Perkin 174; Pauw 53.

¹⁰ Perkin 169.

¹¹ Duryea 19-20; Glenn en Dalglish 11.

¹² Glenn en Dalglish 12 verklaar: "The established theme for the universities . . . was increasing state control."

¹³ Perkin 170 verwys na die "nasionalisering" van universiteite.

navorsing te doen, is steeds erken en universiteite het geleer om by politieke en sosiale omwentelings aan te pas en in buigsame instellings te ontwikkel wat hulle self in veranderende omstandighede kon handhaaf.¹⁴ Dit het die grondslag gelê vir die "herontdekking" van akademiese vryheid en outonomie in die vorige eeu. Die intellektuele, industriële en sosiale rewolusies van die negentiende eeu het naamlik die fokus opnuut op hoër onderwys laat val. Universiteite het gereageer deur die ontwikkeling van nuwe wetenskappe en kundigheid, die verbreding van toegang tot universiteitsopleiding en 'n nuutgevonde aanspraak op akademiese vryheid om die nuwe uitdagings die hoof te bied.¹⁵ Ver al Von Humboldt van die Universiteit van Berlyn was hierin instrumenteel.¹⁶ Sy invloed het spoedig oor die hele Duitsland gestrek en waar die universiteite van Parys en Bologna as die eerste moderne universiteite gereken word, word Duitsland beskou as die wieg van akademiese vryheid en outonomie.¹⁷ Die Amerikaanse konsepte van akademiese vryheid en outonomie is byvoorbeeld direk daarvandaan oorgeneem.¹⁸

Oor die twintigste eeu word aangevoer dat die huidige stelsel van hoër onderwys in talle opsigte 'n herkewing van sy middeleeuse voorganger verteenwoordig.¹⁹ Talle opvallende en deurslaggewende verskille bestaan egter. Die formele studie van natuur-, ekonomiese, bestuurs- en toegepaste wetenskappe was in die middeleeue feitlik afwesig. Die tegnologiese ontploffing van die twintigste eeu het daaraan 'n hupstoot verleen en tot die professionalisering van universiteite bygedra.²⁰ Dit het die middeleeuse fokus op die blote oordrag na die toepassing van kennis laat verskuif.²¹ Ook die kombinerings van navorsing en onderrig en spesialisasie deur dosente dateer maar van die negentiende eeu.²² Verder het die uitbreiding van universiteitsopleiding tot enorme geburokratiseerde instellings gelei met geweklike implikasies wat betref koste en kontrole.²³ Die verspreiding van universiteite na alle wêrelddele het boonop tot die ontwikkeling van uiteenlopende universiteitsisteme aanleiding gegee.²⁴ Kortom, die knus elite-instellings van die middeleeue bestaan nie meer nie. Die ooreenkomste tussen daardie en moderne universiteite is egter ewe belangrik. Vandag word ewe intensief geworstel met die

¹⁴ Duryea 20-21; Perkin 169.

¹⁵ Kaul 32 ev; Duryea 23-24; Perkin 183-184.

¹⁶ Pauw 71.

¹⁷ Fuchs 5; Pauw 72. Von Humboldt was veral verantwoordelik vir die vestiging van die begrip "Lehr- und Lernfreiheit" en van die beginsel van die eenheid van navorsing en onderrig.

¹⁸ Hofstadter en Metzger *The development of academic freedom in the United States* (1955) 70; Metzger "The German contribution to the American theory of academic freedom" 1955 *AAUP Bulletin* 214; Metzger "The 1940 statement of principles on academic freedom and tenure" 1990 *Law and Contemporary Problems* 3; Fuchs 5 ev.

¹⁹ Duryea 25.

²⁰ Perkin 199 maak melding van 'n derde industriële rewolusie en verwys na "the demand of a more complex and highly geared economy for applied science and technology and for the social and administrative sciences for managing large institutions and corporate structures; and the demand in a postindustrial society providing more sophisticated services for highly educated personnel to operate and service them."

²¹ Pauw 79-80. Dit het ook meer beroepsgerigte onderrig meegebring.

²² Perkin 184-185.

²³ Studentetalle het by in die VSA tot meer as 12 miljoen toegeneem en verskeie universiteite het meer as 100 000 studente (Levine en Riedel "The college student: a changing constituency" in Altbach en Berdahl 267).

²⁴ Sien hieronder.

vraag na die paslike verhouding tussen universiteite en die samelewing waarbinne dit bestaan.²⁵ Finansiële afhanklikheid bly ook knaag aan universiteite se selfstandigheid. Terwyl akademici oor die algemeen steeds aansienlike vryheid geniet,²⁶ bly universiteite gevolglik onder druk van uitbreidende owerheidsbeheer.²⁷ In die proses word universiteite en akademici se aansprekbaarheid teenoor die samelewing al skerper omlyn.²⁸

In ontwikkelende lande bestaan geen eenvormige posisie nie, maar die diversiteit van die samelewings, talle ontwikkelingsvraagstukke en onstabiele politieke stelsels neig om owerheidsbetrokkenheid by universiteite te verhoog en outonomie en akademiese vryheid teen te werk.²⁹ Van universiteite word verwag om met die minimum finansiële ondersteuning die mas op te kom, te sorg dat dosente hulle van kritiek op die owerheid weerhou en sigbaar tot die ontwikkeling van die samelewing by te dra.³⁰ In Afrika worstel universiteite benewens finansiële beperkings met onhanteerbare stygings in studentegetalle, die verlaging van standaarde en irrelevante kursusse.³¹ In hierdie omstandighede is die verhouding tussen universiteite en regerings gespanne.³² Die staat verwag relevante uitsette, maar is nie by magte om universiteite van die nodige fondse te voorsien nie.³³ Daarteenoor word universiteite gekenmerk deur politieke aktivisme en onrus en 'n skerp kritiese ingesteldheid, wat by regerings die indruk wek dat universiteite en akademici nie sjuwvul bydra tot die oplossing van samelewingsvraagstukke nie.³⁴ Die gevolg is 'n onvermydelike toename in owerheidsbetrokkenheid.³⁵ Die verlamende finansiële

afhanklikheid van universiteite dra verder daartoe by dat hulle weinig outonomie en akademici min akademiese vryheid oorhou.³⁶

2 Doel, omskrywing en inhoud

Met verwysing na akademiese vryheid en outonomie is al verklaar: "We use these terms with a degree of confidence that may surpass our common understanding."³⁷ Dit is daarom nodig om hierdie begrippe nader te ontleed.

Akademiese vryheid het betrekking op die individuele dosent se vryheid om na goeddunke en sonder eksterne hindernisse te onderrig en navorsing te doen.

"Academic freedom is the freedom of the teacher or research worker in higher institutions of learning to investigate and discuss the problems of his science and to express his conclusions, whether through publication or in the instruction of students, without interference from political or ecclesiastical authority, or from the administrative officials of the institution in which he is employed, unless his methods are found by qualified bodies of his own profession to be clearly incompetent or contrary to professional ethics."³⁸

Wat *outonomie* betref moet dit eerstens as uitgangspunt gestel word dat dit geen doel in sigself kan wees nie,³⁹ maar hoogstens 'n instrument ter bereiking van die oogmerk of missie van 'n universiteit, naamlik *die nastrewing van kennis en begrip deur navorsing en onderrig*.⁴⁰ Die missie is egter nie selfgerig nie en word nagestreef in diens van die gemeenskap.⁴¹ 'n Universiteit se strewe na kennis en begrip dien derhalwe 'n sosiale doel.⁴² Teen hierdie agtergrond word outonomie beskou as 'n noodsaaklike vereiste vir 'n universiteit om sy missie te verwesenlik:

"[A]utonomy emerges then as a requirement for a university to be able to fulfill its intellectual purpose—free and open enquiry in teaching and research—and its social purpose—a source of social criticism independent of political authority and economic power."⁴³

- ²⁵ Universiteite ontvang sowat 85% van hulle fondse van die staat (Wêreldbank 39).
- ²⁶ O'Neill "Academic freedom and the constitution" 1984 *Journal of College and University Law (JCOL)* 280.
- ²⁷ Lovejoy "Academic freedom" I *Encyclopedia of Social Science* (1930) 384, aangehaal in Murphy "Academic freedom: an emerging constitutional right" in Baade en Everett 21. Sien ook die omskrywing van Altbach en Berdahl "Higher education in American society: an introduction" in Altbach en Berdahl 9: "Academic freedom (is) the freedom of the scholar in his/her teaching and research to pursue a scholarly interest wherever it seems to lead and without fear of termination of employment for having offended some political, religious, or social orthodoxy." Sien ook Tight "So what is academic freedom?" in Tight 132; Turner "The price of freedom" in Tight 106; Shils "Academic freedom" in Altbach (1991) 5; Metzger "Academic freedom in delocalized academic institutions" in Altbach en Berdahl 61; Slaughter "Academic freedom in the modern university" in Altbach en Berdahl 79; Hook *Academic freedom and academic anarchy* (1970) 34.
- ²⁸ Kaul 202. Spark "A minority report" in Hook ea (1978) 245 waarsku ook teen die nastrewing van outonomie ter wille van sigself en nie ter wille van akademiese uitnemendheid nie.
- ²⁹ Bok 69. Dit is 'n bevestiging van die oorspronklike opvattinge van die baanbreker Newman *The idea of a university* (1852). Sien ook Brook *The modern university* (1965) 9-16; Halsey "Academic freedom and the idea of a university" T B Davie gedenklesing Kaapstad (1976) 15; Nolan "Academic freedom: a service to the people" T B Davie gedenklesing Kaapstad (1986) 5; Shils "Governments and universities" in Hook ea (1978) 181-182 verklaar: "The task of the university is the cultivation, extension, and transmission of knowledge as valid as the human imagination, reason, memory, and observational powers can make it." Vgl Kaul 217.
- ³⁰ Daarom is volgens Bok 66 'n balans nodig tussen die strewe na kennis en diens aan die gemeenskap. Sien ook O'Hear "Academic freedom and the university" in Tight 8; Nolan 11.
- ³¹ Daarom lê Pauw 82-86 ook klem op 'n universiteit se rol tov beroepsvoorbereiding, kultuuroordrag en die vorming van studente as lede van die samelewing. Die universiteit moet toekomstgerig optree "as radarskerm vir die veranderende samelewing." (87).
- ³² Tasker en Packham "Freedom, funding and the future of the universities" 1990 *Studies in Higher Education* 182.

²⁵ Sien by Bok *Beyond the ivory tower: social responsibilities of the modern university* (1982); Tight (red) *Academic freedom and responsibility* (1988); Hook, Kurtz en Todorovich (reds) *The university and the state: what role for government in higher education?* (1978).

²⁶ Altbach "Stark realities: the academic profession in the 1980's—and beyond" in Altbach en Berdahl 262.

²⁷ Duryea 30; Hook (red) *In defense of academic freedom* (1971). Finn "Federal patronage of the universities: a rose by many other names?" in Hook ea (1978) 9 verklaar: "Perhaps the central conflict between the academy and the national government is the enduring tension between Washington's desire to use its money to steer the universities in directions of its choosing, and the determination of the campuses to garner sufficient funds to chart their own course."

²⁸ Sien wat Wes-Europa betref Neave "On being economical with university autonomy: being an account of the retrospective joys of a written constitution" in Tight 31 ev; Teichler "Western Europe" in Altbach (1991) 607 ev; Clark "The insulated Americans: five lessons from abroad" in Altbach en Berdahl 315 ev.

²⁹ Caston "Academic freedom: the Third World context" 1989 *Oxford Review of Education* 305; Astin "Dictatorships and repression against the universities: the transition to military rule in Latin America" referat Los Angeles 1986; Levy *University and government in Mexico: autonomy in an authoritarian system* (1980). Sien ook Altbach "Higher education in Singapore: a permanent revolution" 1982 *Phi Delta Kappan* 200.

³⁰ Caston 325.

³¹ *Saint Universities in Africa: strategies for stabilization and revitalization* (1992) viii (hierna Wêreldbankverslag). Sien ook Court "The development of university education in sub-Saharan Africa" in Altbach (1991).

³² "Universities and the governments that support them exist in an uneasy and sometimes adversarial relationship across much of sub-Saharan Africa. The principal sources of this tension are governments' perception of the university community as a frequent locus of criticism and political opposition, the increased involvement of governments in university affairs, and the inability of governments to provide for the financial needs of universities on a sustainable basis" (Wêreldbank 35).

³³ Wêreldbank 36.

³⁴ Wêreldbank 37.

³⁵ Soms sluit dit selfs sensuur tov navorsing en onderrig in (Wêreldbank 37).

Dit is natuurlik ewe waar van akademiese vryheid.

Daar bestaan ook 'n meer aktivistiese siening van die rol van 'n universiteit as 'n agent vir sosiale hervorming,⁴⁴ maar buite outokratiese samelewings lei dit nie sonder meer tot 'n aftakeling van outonomie nie.⁴⁵ Die sogenaamde *people's university*-konsep wat op die aktivistiese benadering voortbou, het egter implikasies vir die tradisionele opvattinge oor akademiese vryheid en outonomie omdat dit dikwels grootskaalse owerheidsintervensie veronderstel en geneig is om bepaalde denkrigtings af te dwing.⁴⁶

Tweedens kan die begrip outonomie nie ongekwalfiseerd gebruik word nie. Outonomie beteken selfstandigheid en geen universiteit of dergelyke sosiale instelling funksioneer heeltemal selfstandig in die samelewing waarin dit bestaan nie.⁴⁷ 'n Universiteit bestaan met die toestemming van die staat en is gewoonlik minstens gedeeltelik finansiële van die staat afhanklik.⁴⁸ 'n Universiteit werf sy studente uit die samelewing en besorg hulle weer aan die samelewing terug en akademië is eweneens lede van die breër gemeenskap. 'n Universiteit beïnvloed denke en gebeure deur sy akademiese bydrae, maar word self beïnvloed deur politieke, sosiale en ander kragte in die samelewing. In die finale instansie is 'n universiteit onderworpe aan die reg. Universiteit en samelewing is dus besonder nou verweef.⁴⁹ Teen hierdie agtergrond word outonomie soos volg omskryf:

"Autonomy . . . may be defined as a model of self-governance in which universities are free (i) to determine priorities in regard to teaching, research and extension, (ii) to design their own curricula, (iii) to decide on allocation of funds among competing demands once funds are available and (iv) to select their administrators, including the highest, teachers and students and to determine conditions, consistent with socio-political norms, under which they will remain in the university."⁵⁰

Uit al die omskrywings van outonomie in die literatuur⁵¹ blyk een gemeenskaplike faktor duidelik: outonomie geld nie absoluut nie, maar het betrekking

⁴⁴ Sien by Johnson "The university as a problem solver: creativity and the ghetto" 1968 *Liberal Education* 423. Bok 78 ev verwys na etlike ander skrywers.

⁴⁵ Sien by Caston 305 ev; Levy; Altbach (1982); Astin.

⁴⁶ Sien by Avis "Soviet Union" in Altbach (1991) 783; "Halasz "Hungary" in Altbach (1991) 711-712; Sadlak "Poland" in Altbach (1991) 754-756; Brown "People's Republic of China" in Altbach (1991) 455-456; Paulston "Cuba" in Altbach (1991) 931 ev. Sien ook Miller "Academic freedom in South Africa" 1991 *The Australian Universities' Review* 33. Sien verder afd III 2.

⁴⁷ Kaul 198; Tasker en Packham 183; Shils (1991) 6: "No university has been or could ever be wholly autonomous."

⁴⁸ Kaul 198-199. Sien ook Glennay en Dalglish 21-26, 65; Bok 38.

⁴⁹ Duryea 35.

⁵⁰ Kaul 228. Soms word ook 'n onderskeid getref tussen 'n substantiewe en prosedurele outonomie: "Substantive autonomy is the power of the university or college in its corporate form to determine its own goals and programmes—if you will, the *what* of academe. Procedural autonomy is the power of the university or college in its corporate form to determine the means by which its goals and programmes will be pursued—the *how* of academe" (Altbach en Berdahl (1981) 9. Sien ook Berdahl "Academic freedom, autonomy and accountability in British universities" 1990 *Studies in Higher Education* 172; Berdahl "Public universities and state governments: is the tension benign?" 1990 *Educational Record* 39. Möhle "Dynamic changes in higher education in Eastern Germany" referaat (1991) 5-6 tref weer 'n onderskeid tussen interne en eksterne outonomie. Altbach "The academic profession" in Altbach (1991) 25 sowel as die Amerikaanse *supreme court* (sien afd II 4), verwys na institusionele outonomie en Leslie "Academic freedom for universities?" referaat Chicago (1984) 11 verwys na "corporate academic freedom".

⁵¹ Sien by Elrick "Calling the tune" 1983 *The Canadian Journal of Higher Education* 51: "University autonomy . . . enables the university to decide who will teach, what will be taught and to whom, what research will be pursued and how monies will be spent." In *Sweezy v New Hampshire* 354 US 234 (1957) is verwys na die "four essential freedoms of a university . . . to

op iets; dit het 'n afgebakende inhoud. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat outonomie 'n universiteit se selfstandigheid is oor aangeleenthede wat met die nastrewing van sy missie in verband staan, dit wil sê *akademies-relevante aangeleenthede*.⁵² So 'n omskrywing loop klaarblyklik gevaar om kant nog wal te raak en vereis dat die inhoud van outonomie in meer besonderhede omskryf word. Dit word aan die hand gedoen dat aanwending van die kriterium *akademies-relevante aangeleenthede* kan lei tot die volgende sake waaroor universiteite outonomie behoort te hê:⁵³

- die maak van sekere aanstellings in die hoogste bestuursliggaam van 'n universiteit;⁵⁴
- die samestelling van akademiese gesagsliggame, byvoorbeeld die senaat, senaatskomitees en fakulteitsrade;
- die bepaling van prioriteite ten opsigte van navorsing en onderrig;
- die insameling en benutting van fondse en die allokering van toegekende fondse;⁵⁵
- die aanstelling, diensvoorwaardes en ontslag van akademiese en ander personeel;
- toelatingsvereistes, die keuring en toelating van studente en die beëindiging van registrasie;
- die maak van aanbevelings oor die instelling van fakulteite, grade, leergange en diploma's;
- die instelling van sertifikate;
- die bepaling van die inhoud van leerplanne;
- eksaminering en die toekenning van grade, diploma's en sertifikate;
- algemene interne bestuur, administrasie en tug; en
- waar toepaslik, die bepaling van die onderrigmedium.

Dit moet beklemtoon word dat 'n universiteit onderworpe is aan die reg en dat outonomie oor hierdie aangeleenthede nie uitgeoefen kan word op 'n wyse wat strydig is met die reg nie. Die implikasies hiervan word veral duidelik wanneer die invloed van 'n handves van regte op outonomie bespreek word.

3 Die verband tussen akademiese vryheid en outonomie

Die feit dat akademiese vryheid op die individuele dosent en outonomie op die universiteit as instelling betrekking het,⁵⁶ dui meteen op die verband tussen die

determine for itself on academic grounds who may teach, what may be taught, how it shall be taught, and who may be admitted to study" (263). Sien ook Dogramaci "Higher education reform in Turkey" 1984 *Higher Education in Europe* 77; Miller 33; Caston 307.

⁵² Die Duitse konstitusionele hof verwys na "universitätstypischen Angelegenheiten" (BVerfGE 15, 256(264)).

⁵³ Verskillende aspekte word uitgelig in die omskrywings waarna reeds verwys is. Sien by Kaul 228. 'n Meer uitgebreide omskrywing is vervat in die handves van die federasie van personeelverenigings van Australiese universiteite (aangehaal in Bartos "The academic freedom charter experience" 1990 *The Australian Universities' Review* 27-28).

⁵⁴ Gewoonlik maak die owerheid die meeste aanstellings.

⁵⁵ Fondse toegeken deur die staat gaan gewoonlik gepaard met finansiële voorwaardes (sien by a 25 van die Wet op Universiteite 61 van 1955) en uitvoerige reëlings tov oudit en kontrole (Altbach in Altbach en Berdahl 259).

⁵⁶ Caston 307; Elrick 51; O'Hear 6; Hawkesworth "The politics of knowledge: sexual harassment and academic freedom reconsidered" in Tight 17.

begrippe. 'n Akademikus beoefen sy vak binne die universiteitsmilieu en kan nie sonder meer daarvan losgemaak word nie. Terselfdertyd het outonomie oor akademies-relevante aangeleenthede klaarblyklik ook betrekking op sake wat die akademiese vryheid van die individuele dosent ten nouste raak. Daar sou gevolglik geredeneer kon word dat outonomie niks anders is nie as die kollektiewe uitoefening van akademiese vryheid. Hieroor kan eerstens daarop gewys word dat in die literatuur⁵⁷ en in oorsese regspraak⁵⁸ 'n duidelike onderskeid tussen die begrippe getref word. Tweedens word gevind dat akademiese vryheid soms vir almal geld wat by die wetenskap betrokke is en nie slegs vir universiteitsdosente nie.⁵⁹ Derdens is dit natuurlik inderdaad so dat die begrippe nie sinonieme is nie: 'n outonome universiteit kan self beperkinge plaas op die akademiese vryheid van dosente⁶⁰ en outonomie is daarom ook geen waarborg vir akademiese vryheid nie.⁶¹ Die presiese verband tussen die begrippe is nietemin moontlik slegs van akademiese belang omdat die howe in elk geval 'n onderskeid tussen hulle tref.

Dit is wel 'n vraag of akademiese vryheid tot ontplooiing kan kom in die afwesigheid van outonomie. Volgens sommige is akademiese vryheid slegs haalbaar in vrye, demokratiese samelewings en nie in outoritêre state sonder enige tradisie van akademiese vryheid nie.⁶² Ander huldig die standpunt dat beperkte outonomie akademiese vryheid nie noodwendig nadelig beïnvloed nie.⁶³ Ter staving word byvoorbeeld daarop gewys dat Duitse akademici van die vorige eeu formeel as staatsamptenare beskou is wat 'n eed van getrouheid aan die staat moes aflê en nogtans aansienlike akademiese vryheid geniet het.⁶⁴ Ander suggereer dat die beperking van outonomie wel een of ander invloed op die individuele dosent het.⁶⁵ Moontlik is die volgende gevolgtrekking tog betekenisvol vir die verband tussen outonomie en akademiese vryheid:

"It seems reasonable to conclude that while it is possible to have academic freedom without institutional autonomy, and vice-versa, the two concepts tend to be mutually supporting and it is desirable that both should be encouraged if each is to flourish."⁶⁶

⁵⁷ Let by op die benadering in Academic Freedom Committees of the University of Cape Town and the University of the Witwatersrand *The open universities in South Africa and academic freedom 1957-1974* (1974) 2 v. Selfs die gebruik van die term akademiese vryheid as generiese begrip om individuele akademiese vryheid en outonomie in te sluit, kom nie algemeen voor nie.

⁵⁸ Verskeie gevalle waar dosente hulle akademiese vryheid teen universiteite self afdwing, is hier ter sprake. Sien afd II.

⁵⁹ Sien die bespreking van a 5(3) van die Duitse grondwet in afd II.

⁶⁰ Daughtrey "The legal nature of academic freedom in United States colleges and universities" 1991 *University of Richmond Law Review* 237 verkies juis die duidelik onderskeibare terme "academic freedom" en "institutional autonomy" omdat lg volgens hom nie direk na akademiese vryheid herlei kan word nie en selfs gebruik kan word om akademiese vryheid te beperk.

⁶¹ Rendel "Human rights and academic freedom" in Tight 80.

⁶² Tight 123.

⁶³ McConnell "Autonomy and accountability: some fundamental issues" in Altbach en Berdahl 40-41. Dressel *The autonomy of public colleges* (1980) 3 verklaar ook: "Academic freedom is not ensured by institutional autonomy, and recent restrictions of institutional autonomy have had relatively little effect on academic freedom." Sien ook National Education Policy Investigation *Post-secondary education* (1992) 85 (hierna NEPI).

⁶⁴ Slaughter 78. Duitse professore word steeds formeel deur die staat op aanbeveling van die universiteite aangestel.

⁶⁵ Altbach (1981) 262: "In a climate of increased accountability, academic administrators have gained increasing power over their institutions, and, inevitably, over the lives of the professors."

⁶⁶ Tight 123. Daarom verduidelik Bessant "The erosion of university autonomy in Australia" 1982 *Vestis* 32 ook soos volg: "The freedom of the individual academic to pursue his or her teaching

4 Gevolgtrekkings

Die bespreking tot dusver lei tot enkele belangrike gevolgtrekkings. Eerstens is akademiese vryheid en outonomie geen vanselfsprekendheid nie. Wisselende grade van spanning bestaan tussen universiteite en akademiese vryheid en outonomie deur die geskiedenis moes universiteite en akademiese vryheid en outonomie teen mekaar aanstry. Tweedens is akademiese vryheid en outonomie geen doel in sigself nie, maar instrumente in 'n universiteit en akademikus se strewe na kennis en begrip deur deur navorsing en onderrig. Derdens het hierdie begrippe nie 'n vaste inhoud nie en moet volgens akademies-relevante kriteria inhoud daaraan gegee word. Vierdens bestaan daar tussen akademiese vryheid en outonomie, hoewel dit onderskeibare begrippe is, 'n duidelike verband. Vyfdeens het universiteite en akademiese vryheid 'n sosiale verantwoordelikheid wat in die strewe na en die uitoefening van outonomie en akademiese vryheid nagekom moet word.

II Regsvergelykende oorsig

Watter belang het die reg by die begrippe akademiese vryheid en universiteits-outonomie? Kan hierdie begrippe juridiese inhoud verleen en regtens beskerm word? Enersyds is 'n saak uitgemaak dat dit nastrewnswaardige beginsels is. Andersyds dui die voortdurende spanning tussen universiteite en die staat daarop dat regsreëls wat die verhouding tussen hulle bevredigend reël, aangewese is. Die wyse waarop die verhouding deur regsreëls georden en akademiese vryheid en outonomie in die reg beskerm word, word met verwysing na enkele state nagegaan.

1 Brittanje

Britse universiteite is as onafhanklike korporasies by wet of koninklike oktrooi ingestel.⁶⁷ Formeel val universiteite dus onder die gesag van die parlement en geniet hulle daardie mate van outonomie en akademiese vryheid wat die staat hulle toelaat. In praktyk het 'n sterk tradisie egter rondom akademiese vryheid en outonomie ontwikkel. Geen universiteit kon weliswaar sonder die staat se goedkeuring en finansiële bystand tot stand kom en voortbestaan nie, maar verder het die staat hom weerhou van inmenging in die huishoudelike sake van universiteite en akademiese vryheid.⁶⁸ Gedurende die twintigste eeu het die tradisionele outonomie van universiteite egter onder groot druk gekom. Die hoofrede is finansies.⁶⁹ Groter finansiële afhanklikheid van die staat het aanvanklik nie 'n merkbaar verskil gemaak nie. Toekennings is op 'n vyfjaarlikse grondslag gemaak en universiteite is vrye teuels gegee met die aanwending daarvan.⁷⁰ Stelselmatig het universiteite egter

and research as he or she wishes is closely linked with the ability of the academic staff to influence university policies on teaching and research, just as the latter is dependent on the ability of the university to devise its own programmes of teaching and research without outside interference."

⁶⁷ Moodie "United Kingdom" in Altbach (1991) 826.

⁶⁸ Chotley "Academic freedom in the United Kingdom" in Baade en Everett 223; Neave 37. Private universiteite kan natuurlik privaat gestig word, maar dit sal nogtans ooreenkomstig voorskrifte ivm standarde ens, moet geskied.

⁶⁹ Chotley 224.

⁷⁰ Eustace "British higher education and the state" 1982 *European Journal of Higher Education* 284-285.

ervaar dat administratiewe voorskrifte oor personeelaangeleenthede, salarisse en aanwending van fondse toegeneem het.⁷¹ Die stelsel van vyfjaarlikse toekennings is vervang deur jaarlikse toekennings deur 'n raad hoofsaaklik saamgestel uit nie-akademiese persone en ouditering is onder die gesag van die ouditeur-generaal geplaas.⁷² Owerheidsbetrokkenheid het uiteindelik sulke afmetings aangeneem dat die aansienlike inkorting van staatsubsidies in die tagtigerjare vergesel gegaan het van detailvoorskrifte oor besnoeiings.⁷³ Een van die jongste ontwikkelings is die *Education Reform Act* van 1988 wat onder andere die permanente dienstertyn van akademiese personeel afskaf en universiteite magtig om sulke personeel se dienste op grond van oortolligheid te beëindig.⁷⁴ Die wet word enersyds as 'n aftakeling van akademiese vryheid beskou,⁷⁵ maar andersyds skryf die wet uitvoerige voorwaardes en prosedures voor wat universiteite met weinig diskresie laat.⁷⁶ Verdere aanpassings in die wet ten opsigte van staatsubsidies versterk die algemene indruk dat outonomie nie ongeskonde gelaat word nie.⁷⁷

Die inbreuk op outonomie en akademiese vryheid is nogtans erg relatief. Die posisie in Brittanje word in talle lande steeds as navolgenswaardig beskou.⁷⁸ Trouens, in 'n land waar universiteite tot 90% van hulle fondse van die staat ontvang,⁷⁹ is die mate van outonomie waaroor hulle beskik en die vryheid wat akademië geniet, merkwaardig. Ten slotte moet daarop gewys word dat die verhouding tussen universiteite en die staat nog nie aan regspraak onderwerp is nie.⁸⁰ Die regsposisie bly dus dat universiteite formeel ondergeskik is, maar dat staatsinmenging in praktyk beperk word deur tradisie, politieke oorwegings en die openbare mening.

2 Duitsland

In Duitsland ressorteer universiteite onder die deelstate en is hulle vir die meeste van hulle fondse op die deelstate aangewese. Die grondwetlike erkenning van vrye wetenskapsbeoefening, navorsing en onderrig as 'n fundamentele reg,⁸¹ het egter gelei tot die uitwerk in regspraak van fyn besonderhede in verband met die regsposisie van universiteite en akademië.

Inhoud van die reg

Oor die algemeen word artikel 5 (3) vertolk as 'n erkenning van die tradisionele outonomie van Duitse universiteite⁸² en van die akademiese vryheid van

⁷¹ Neave 43 verwys na "the extension of the administrative overlay".

⁷² Eustace 287-288.

⁷³ Eustace 290.

⁷⁴ a 203 (5).

⁷⁵ Sien die talle verwysings deur Jasper "Britain's Education Reform Act: a lesson in academic freedom and tenure" 1990 *JCUL* 468.

⁷⁶ Jasper 471.

⁷⁷ Moodie 833-834.

⁷⁸ Sien by Kaul 66 ev.

⁷⁹ McConnell 39.

⁸⁰ Jasper 464.

⁸¹ A 5 (3) van die grondwet lui: "Kunst und Wissenschaft, Forschung und Lehre sind frei. Die Freiheit der Lehre entbindet nicht an der Treue zur Verfassung."

⁸² Maunz-Dürig I *Grundgesetz Kommentar* 5 145 ev, veral op 166; Kommers *The constitutional jurisprudence of the Federal Republic of Germany* (1989) 426. Sien oor die ontwikkeling van Duitse universiteite Naumann en Kraus "German Federal Republic" in Altbach (1991) 688-692; Kaul 58-59; Jasper 451.

dosente.⁸³ In die besonder beskerm die vryheid van wetenskapsbeoefening "die prosesse, gedragswyse en beslissings by die ontdekking, uitvinding, vinding, vermeerdering, tipering en verspreiding van kennis wat berus op wetenskaplike wetmatighede".⁸⁴ Die begrip wetenskap sluit volgens die *Bundesverfassungsgericht* navorsing en onderrig in⁸⁵ en die vermelding van hierdie twee begrippe in artikel 5 (3) is dus blykbaar tautologies.⁸⁶ Navorsing word beskryf as "'n ernstige en planmatige poging na inhoud en vorm om die waarheid te vind".⁸⁷ Dit sluit alle navorsingsaktiwiteite, insluitende voorbereidende en ondersteuningsaksies in, maar nie politieke aktiwiteite⁸⁸ en navorsing ten opsigte waarvan 'n opdraggewer 'n wesenlike invloed op die resultate uitoefen nie.⁸⁹ Die bestuur en organisasie van navorsing en die publikasie van resultate word ook beskerm. Wat onderrig betref is beslis dat dit onafhanklik van eksterne voorskrifte onderneem moet kan word⁹⁰ en dat dit die inhoud en verloop van onderrig en eksaminering insluit.⁹¹

Draers van die reg

Die vryheid van wetenskapsbeoefening kom elkeen toe wat selfstandig op 'n wetenskaplike wyse aktief is of beoog om aktief te raak.⁹² Dit sluit nie slegs dosente in nie.⁹³ Die reg beskerm ook regspersone wat wetenskap organiseer en bedryf, spesifiek universiteite, maar ook ander tersiëre inrigtings.⁹⁴ Akademië kan dus die reg teen die staat en teen hulle universiteite afdwing, terwyl universiteite dit teen die staat kan afdwing.

Trefwydte van die beskerming wat die reg verleen

Dit is in die aard van fundamentele regte om beskerming teen owerheidsinmenging te verleen. Artikel 5 (3) waarborg dan ook "'n reg op die afweer van elke owerheidsinwerking op die proses van die verkryging en mededeling van wetenskaplike kennis".⁹⁵ Langs hierdie weg word akademiese vryheid en universiteitsoutonomie dus beskerm. Laasgenoemde sluit in bevoegdheid oor navorsings- en onderrigbeplanning, koördinering van projekte in daardie

⁸³ Maunz-Dürig 145; Castberg *Freedom of speech in the West* (1960) 367.

⁸⁴ BVerfGE 47, 327/367. Sien die bespreking in Jarass en Pieroth *Grundgesetz für die Bundesrepublik Deutschland* (1992) 169 ev.

⁸⁵ BVerfGE 35, 79/113.

⁸⁶ Von Munch I *Grundgesetz-Kommentar* (1981) 287. Hy beskou die formulering van a 5 (3) daarom trouens as verkeerd en onaansvarbaar (293). Sien ook Maunz-Dürig 146, 153.

⁸⁷ BVerfGE 35, 79/113; 47, 327/367. Sien ook Maunz-Dürig 152: "Wissenschaft heisst der autonome geistige Prozess planmäßiger, methodischer und eigenverantwortlicher Suche nach Erkenntnissen sachbezogen-objektiver Wahrheit sowie kommunikativer Vermittlung solcher Erkenntnisse."

⁸⁸ BVerfGE 5, 85/146; Von Munch 288.

⁸⁹ Von Munch 288; Jarass en Pieroth 170.

⁹⁰ BVerfGE 24, 25; Maunz-Dürig 154.

⁹¹ BVerfGE 35, 37/68.

⁹² "Träger des Grundrechts der Wissenschaftsfreiheit ist jeder, der wissenschaftlich tätig ist oder tätig werden will" (BVerfGE 15, 256/263). Sien ook BVerfGE 35, 79/112.

⁹³ Dit kan persone in ander beroepe wat wetenskaplike aktiwiteite verrig (BVerfGE 87, 681) en selfs studente insluit (Jarass en Pieroth 171). Onderrig aan skole word nie ingesluit nie, maar dié uitsluiting word bevestig (Von Munch 289).

⁹⁴ by *Gesamthochschulen* (Jarass en Pieroth 172).

⁹⁵ BVerfGE 47, 327/367.

verband, toekenning van grade en interne organisasie, finansies en dissipline.⁹⁶ Boonop het universiteite 'n plig om vrye wetenskapsbeoefening deur individuele akademici te beskerm en te bevorder, wat aan universiteite die dubbele rol gee om die akademiese vryheid van dosente te beskerm en dit self ook teen die staat af te dwing.⁹⁷

Twee verdere opmerkings is nodig. *Eerstens* plaas artikel 5 (3) nie 'n beperking op wetenskapsbeoefening deur staatsondersteunde inrigtings nie.⁹⁸ Dit is vanselfsprekend omdat die bepaling sekerlik nie kan beteken dat slegs wetenskap wat sonder enige staatsondersteuning beoefen word, beskerming geniet nie. *Tweedens* is beslis dat artikel 5 (3) 'n positiewe plig op die staat lê om vrye wetenskapsbeoefening te bevorder.⁹⁹ Dit hou in die beskikbaarstelling van personeel¹⁰⁰ en finansiële en organisatoriese middele.¹⁰¹ Daar is onder meer verklaar dat die staat "deur toepaslike organisatoriese maatreëls moet sorg dat die reg van vrye wetenskapsbeoefening onaangetas bly".¹⁰² Indien die staat versuim om hierdie bevorderingsplig na te kom, kan dit teen hom afgedwing word. Nog betekenisvoller is die feit dat die staat se bevorderingsplig volgens die hof voorkeur bo die verbod op inmenging geniet.¹⁰³ Die staat is dus ingevolge die handves in 'n posisie om ten opsigte van aangeleenthede wat met die bevordering van vrye wetenskapsbeoefening in verband staan, aansienlike invloed uit te oefen. Hierdie magtiging word weliswaar vertolk om slegs op administratiewe en organisatoriese aangeleenthede betrekking te hê¹⁰⁴ en nie op inhoudelike aspekte soos die inhoud van leergange nie.¹⁰⁵ Om hierdie rede word die verhouding tussen universiteite en die staat in hierdie opsig as 'n samewerkingsverhouding beskryf.¹⁰⁶

Die omvang van die staat se bevorderingsplig het onder andere ter sprake gekom in die sogenaamde "groepsuniversiteitsaak" waarin beslis moes word oor die grondwetlikheid van wetgewing wat voorsiening maak vir die verteenwoordiging van ander werknemers benewens dosente in die besluitnemingstrukture van universiteite.¹⁰⁷ Die hof bevind dat die staat inderdaad bevoeg is om sulke "organisatoriese" voorskrifte neer te lê en dat die deelname van nie-akademiese personeel aan besluitneming nie strydig met akademiese vryheid of outonomie is nie. Die hof waarsku egter dat dosente ten opsigte van onderrig 'n "gesaghebbende" en ten opsigte van navorsing en beroepsaangeleenthede 'n "deurslaggewende" invloed moet hê.¹⁰⁸

Beperking van die reg

Die reg op vrye wetenskapsbeoefening kan op verskillende wyses beperk word.

⁹⁶ Maunz-Dürig 190-191.

⁹⁷ Maunz-Dürig 160, 164.

⁹⁸ Jarass en Pieroth 172.

⁹⁹ BVerfGE 35, 79/114; Von Munch 289; Maunz-Dürig 158.

¹⁰⁰ Let weer daarop dat in Duitsland professore deur die staat aangestel word op aanbeveling van die universiteite (Jarass en Pieroth 171).

¹⁰¹ BVerfGE 35, 79/114; Maunz-Dürig 158.

¹⁰² BVerfGE 35, 79/115.

¹⁰³ BVerfGE 67, 202/207.

¹⁰⁴ BVerfGE 35, 79/22; 66, 155/157; 67, 202/207; Maunz-Dürig 187.

¹⁰⁵ BVerfGE 88, 399.

¹⁰⁶ Maunz-Dürig 171.

¹⁰⁷ BVerfGE 35, 79. Sien die besprekings in Kommers 437 ev; Von Munch 293; Maunz-Dürig 177 ev.

¹⁰⁸ BVerfGE 35, 79/131-132; Kommers 440; Maunz-Dürig 182.

Eerstens bepaal artikel 5 (3) dat die trou wat akademici en universiteite aan die grondwet verskuldig is, nie deur hierdie reg opgehef word nie. Wetenskaplike navorsing en onderrig mag nie aan hierdie trou afbreuk doen nie en die aanstelling van 'n dosent is al geweier in die opsigtelike afwesigheid daarvan.¹⁰⁹ Daar word op gewys dat hierdie beperking in die konteks van die demokratiese grondslag van die grondwet beoordeel moet word en dat so 'n beperking onaanvaarbaar sal wees in 'n nie-demokratiese stelsel.¹¹⁰ *Tweedens* word die reg deur ander fundamentele regte beperk, byvoorbeeld die reg van vrye keuse van 'n onderwysinrigting,¹¹¹ die reg op privaatheid,¹¹² die reg op werknemer-verteenvoording, wat spruit uit die regte van vakbonde¹¹³ en die gelykheidsbeginsel.¹¹⁴ Die uitoefening van die reg op vrye wetenskapsbeoefening mag dus nie tot diskriminasie teen enigiemand lei of iemand se fundamentele regte aantast nie. *Derdens* hou die uitdruklike voorkeur aan die staat se bevorderingsplig die implikasie in van beperkings wat uit die staat se aktiwiteite in hierdie verband mag spruit.

Dié gevolgtrekking kan gemaak word dat die erkenning van vrye wetenskapsbeoefening as 'n fundamentele reg aan akademiese vryheid en outonomie konstitusionele beslag gee, maar daardeur nie staatsbetrokkenheid verbied nie en trouens bepaalde optrede deur die staat afdwing. Die grense van die reg, die mate waarin dit beperk mag word en die omvang van die staat se bevorderingsplig word van geval tot geval deur die *Bundesverfassungsgericht* bepaal.

3 Verenigde State van Amerika

Soos in Duitsland berus die gesag oor hoër onderwys in die Verenigde State van Amerika by die deelstate¹¹⁵ en plaaslike regerings.¹¹⁶ Universiteite bestaan bygevolg kragtens spesiale wetgewing, oktrooie en grondwetlike magtiging.¹¹⁷ Die Europese tradisie aangaande akademiese vryheid en outonomie is egter gedurende die vorige eeu in Amerika oorgeneem¹¹⁸ en universiteite en akademici geniet min of meer dieselfde vryheid as in Europa. Die ontwikkeling van akademiese vryheid en outonomie as fundamentele regte het egter 'n ander, minder sistematiese en uiteindelik minder klinkklare verloop as in 'n land, soos Duitsland gehad. 'n Oorsig van twee aspekte sal hierdie stelling illustreer. *Eerstens* word gelet op die effek van die verlening van statutêre en spesifieke konstitusionele status deur sommige deelstate aan universiteite. *Tweedens* word die ontwikkeling van akademiese vryheid en outonomie as fundamentele regte met verwysing na relevante regspraak nagegaan.

¹⁰⁹ BVerfGE 52, 313/318ff, 332; Maunz-Dürig 199.

¹¹⁰ Maunz-Dürig 204. Sien ook Stern *Zur Verfassungstreue der Beamten* (1974) 26.

¹¹¹ a 12. Sien in hierdie verband die vraagstuk van owerheidsvoorskrifte iVm toelating (BVerfGE 64, 77/94). Sien ook Salzwedel en Viertel "Die Kapazitätsberechnung in Hochschulzulassungsberechtigungen" 1987 *Neue Zeitschrift für Verwaltungsrecht* 765.

¹¹² a 2 (1). Hierdie reg kom by ter sprake by die versameling en aanwending van persoonlike data vir wetenskaplike doeleindes (BVerfGE 67, 213/228).

¹¹³ BVerfGE 72, 94/111.

¹¹⁴ a 3 (1).

¹¹⁵ Onderwys is een van die onderwerpe wat nie in die grondwet as 'n federale funksie geïdentifiseer is nie en per definisie dus by die deelstate berus.

¹¹⁶ Gade "The United States" in Altbach (1991) 1062; Kaul 21; Glenny en Dalglis 12 ev.

¹¹⁷ "(C)olleges and universities are not self-creating; they are created" (Glennly en Dalglis 14).

¹¹⁸ Fuchs 7-8; Leslie 6-8; Hofstadter en Metzger 144 ev.

Konstitusionele status

Soos gemeld bestaan die meeste universiteite ingevolge deelstaat-wetgewing.¹¹⁹ Hulle bestaan dus op gesag van die deelstate en word beskou as instellings van die deelstate. Deelstate vaardig daarom na goeie wetgewing uit wat die universiteite raak¹²⁰ en hoewel die outonomie van universiteite tradisioneel erken word, word in 'n mindere of meerdere mate daarmee ingemeng.¹²¹

Gedurende die negentiende eeu het 'n aantal deelstate sogenaamde konstitusionele status aan universiteite verleen deur bepalings oor die instelling en outonome bestuur van universiteite in hulle grondwette op te neem.¹²² Konstitusionele status het egter nie oral en ongekwalifiseerd die outonomie van universiteite beskerm nie. In state soos Michigan, Minnesota, Nevada en Kalifornië was die verlening van konstitusionele status in hierdie opsig suksesvol, maar in Alabama, Arizona, Missouri en Utah het die houe die betrokke bepalings van hulle grondwette nie so vertolk nie. Michigan was die eerste staat wat konstitusionele status aan 'n universiteit verleen het¹²³ en die twee sleutelbeslissings waarin dit erken is,¹²⁴ is onder andere deur die houe van Minnesota,¹²⁵ Nevada¹²⁶ en Kalifornië¹²⁷ gevolg. Die effek van die verskillende beslissings was dat owerheidsoprede wat die konstitusionele status van universiteite aangetas het, ongeldig was. Daarenteen is in verskeie state die teenoorgestelde bevind. Die grondwet van Utah stem in alle wesenlike opsigte ooreen met dié van Minnesota,¹²⁸ maar anders as in Minnesota was die houe

van Utah in twee sleutelbeslissings nie bereid om op grond van die betrokke bepaling die konstitusionele status van die betrokke instellings te erken nie.¹²⁹ In Missouri,¹³⁰ Alabama¹³¹ en Arizona¹³² het die houe dieselfde houding ingeneem, met die gevolg dat grondwetlike erkenning universiteite nie teen bepaalde owerheidshandelinge gevrywaar het nie. As gevolg van hierdie uiteenlopende vertolkings van die effek van konstitusionele status en die feit dat die deelstaat-grondwette in elk geval aan die *bill of rights* ondergeskik is, kom dit voor of konstitusionele status nie 'n effektiewe meganisme vir die beskerming van outonomie is nie.¹³³

Akademie se vryheid en outonomie as fundamentele regte

Akademie se vryheid en outonomie verskyn nie in die Amerikaanse grondwet as fundamentele regte nie en het aanvanklik op tradisie berus.¹³⁴ Geleidelik het die *supreme court* dit egter begin beskou as regte voortspruitend uit die vryheid van meningsuiting gewaarborg in die Eerste Amendement.¹³⁵ In *Sweezy v New Hampshire* is die eerste aanduiding in hierdie verband gegee.¹³⁶ Uiteindelik word verklaar in *Keyishian v Board of Regents*: "Academic freedom is therefore a special concern of the First Amendment"¹³⁷ en in die bekende *Bakke*-saak: "Academic freedom, though not a specifically enumerated constitutional right, long has been viewed as a special concern of the First

¹¹⁹ Die groot aantal private universiteite bestaan hoofsaaklik ingevolge oktrooi uitgereik deur die deelstate (Glenny en Dalglis 42). Hulle is in sekere opsigte meer outonoom as ander universiteite, maar hulle posisie word nie in besonderhede verder behandel nie.

¹²⁰ Millett "State governments" in Altbach en Berdahl 183.

¹²¹ Glenny en Dalglis 43 toon met voorbeelde hoe kwesbaar outonomie toegeken deur gewone wetgewing is. Sien ook Finn 27 ev; Hornig "The costs of government regulation" in Hook ea (1978) 105-106; Van Alstyne "The costs to colleges and universities of implementing federally mandated social programmes" in Hook ea 115 ev; McGill "Government regulation and academic freedom" in Hook ea 139 ev; Kurtz "Should the patron be the master?: the autonomy of public universities and colleges" in Hook ea 287 ev.

¹²² Glenny en Dalglis 15. Die jongste staat wat die stap gedoen het, is Hawaii (sien die bespreking van Potter "Autonomy and accountability at the University of Hawaii: a review of the significance and implementation of the 1978 constitutional review" Educational Study No 2 University of Hawaii (1984).

¹²³ Grondwetwysiging 1850.

¹²⁴ *Sterling v Regents of the University of Michigan* 110 Mich 369, 68 NW 253 (1896); *Board of Regents of the University of Michigan v Auditor General* 167 Mich 444, 132 NW 1037 (1911).

¹²⁵ *State ex rel University of Minnesota v Chase* 175 Minn 259, 220 NW 951 (1928). Op 957 verklaar die hof oa: "The purpose of the Constitution remains clear. It was to put the management of the greatest state educational institution beyond the dangers of vacillating policy, ill-informed or careless meddling and partisan ambition that would be possible in the case of management by either Legislature or executive . . ." A 8 (3) van die grondwet lui: "The location of the University of Minnesota, as established by existing laws, is hereby confirmed, and said institution is hereby declared to be the University of the State of Minnesota. All the rights, immunities, franchises and endowments heretofore granted or conferred are hereby perpetuated unto said university . . ."

¹²⁶ *King v Board of Regents of the University of Nevada* 65 Nev 533, 200 P2d 221 (1948).

¹²⁷ *Wall v Board of Regents of the University of California* 38 Ca 2d 698, 102 P2d 533 (1940). Sien ook S. "Autonomy and accountability: the University of California and the state constitution" 77 *The Hastings Law Journal* 927.

¹²⁸ A 10 (4) lui: "The location and establishment by existing laws of the University of Utah, and the Agricultural College are hereby confirmed, and all the rights, immunities, franchises and endowments heretofore granted or conferred, are hereby perpetuated unto said University and Agricultural college respectively."

¹²⁹ *Spence v Utah State Agricultural College* 119 Utah 104, 225 P2d 18 (1950); *University of Utah v Board of Examiners* 4 Utah 2d 408, 295 P2d 348 (1956).

¹³⁰ *State ex rel Heimberger v Board of Curators of the University of Missouri* 268 Mo 598, 188 SW 128 (1916). A 15 van die grondwet het oorspronklik gelui: "The General Assembly shall . . . aid and maintain the State University now established with its present departments. The government of the State University shall be vested in a Board of Curators." Die grondwet is in 1945 gewysig om die beslissing in *Heimberger* te bevestig (a IX 9(a)).

¹³¹ *Cox v Board of Trustees of the University of Alabama* 161 Ala 639, 49 So 814 (1909).

¹³² *Board of Regents of the University of Arizona v Sullivan* 45 Ariz 245, 42 P2d 619 (1935).

¹³³ Glenny en Dalglis 41 kom daarop toe dat die gevolgtrekking dat waar outonomie eerbiedig word, dit nie in die eerste plek op grondwetlike bepalings berus nie: "Real autonomy is also a function of a host of non-legal considerations: tradition, the political winds in a state at any time, the popular respect accorded higher education or the institution or its administrators, faculty and students, and other concerns not founded entirely in the legal framework provided for the institution." Hook (1970) 36 is met verwysing na akademiese vryheid in breër verband dieselfde mening toegedaan: "The viability of academic freedom rests not only on its support by the community of scholars but even more on the support of the general community."

¹³⁴ Byrne "Academic freedom: a special concern of the First Amendment" 1989 *The Yale Law Journal* 256.

¹³⁵ "Congress shall make no law respecting an establishment of religion, or prohibiting the free exercise thereof; or abridging the freedom of speech, or of the press, or the right of the people peaceably to assemble, and to petition the Government for a redress of grievances." (Kursivering bygevoeg.)

¹³⁶ 354 US 234 (1957). Hr Warren verklaar oa: "The essentiality of freedom in the community of American universities is almost self-evident . . . Teachers and students must always remain free to enquire, to study and to evaluate, to gain new maturity and understanding; otherwise our civilization will stagnate and die" (250). Sien wel die vroeër minderheidsopinie van r Douglas in *Adler v Board of Education of the City of New York* 342 US 485 (1952) 508.

¹³⁷ 385 US 589 603 (1967). Die hof motiveer: "The future of the country depends upon leaders trained through wide exposure to that robust exchange of ideas which discovers truth out of a multitude of tongues, rather than through any kind of authoritative selection" (603). Sien ook *Barenblatt v United States* 360 US 109 (1959); *Pickering v Board of Education* 391 US 563, 88 S Ct 1731 (1968).

914

Amendment".¹³⁸ Na aanleiding van hierdie en ander beslissings¹³⁹ is akademiese vryheid nou 'n gevestigde reg.¹⁴⁰

Die inhoud van die reg bly egter onseker: "The doctrine floats in the law, picking up decisions as a hull does barnacles."¹⁴¹ Die oorsaak van die onsekerheid is die howe se versuim tot dusver om enige juridiese gronde vir hulle ondersteuning van die beginsel te verskaf en die volgende juridiese grondslag is byvoorbeeld al voorgestel:

"Preserving the fundamental academic values of disinterested inquiry, reasoned and critical discourse, and liberal education, justifies a constitutional right of academic freedom."¹⁴²

Die reg sluit wel blykbaar vrye spraak en 'n gewaarborgde dienstermyn in, maar dek nie politieke aktiwiteite nie.¹⁴³ Die reg beskerm 'n dosent dus slegs ten opsigte van akademiese aktiwiteite en nie in die algemeen soos die reg op vrye spraak nie.¹⁴⁴

Uit akademiese vryheid het die begrip *institusionele akademiese vryheid* ontwikkel. Aanvanklik is aanvaar dat akademiese vryheid slegs op die individuele dosent betrekking het, maar reeds in *Sweezy* is verklaar: "The essentiality of freedom in the community of American universities is almost self-evident"¹⁴⁵ en daar is ook gewaarsku teen "governmental intrusion into the intellectual life of a university".¹⁴⁶ In *Bakke* is verwys na 'n universiteit se vryheid om oor opvoeding 'n oordeel te vel.¹⁴⁷ Gebaseer op hierdie tipe uitsprake is daarna geargumenteer ten gunste van institusionele akademiese vryheid, oftewel outonomie.¹⁴⁸ In *Widmar v Vincent*¹⁴⁹ en *Regents of University of Michigan v Ewing*¹⁵⁰ is uiteindelik uitdruklik 'n onderskeid tussen akademiese vryheid en outonomie getref. Die inhoud van outonomie is deur regter Frankfurter in *Sweezy* opgesom as "the four freedoms of a university—to determine for itself on academic grounds who may teach, what may be taught, how it shall be taught, and who may be admitted to study".¹⁵¹

Die outonomie van 'n universiteit geld egter nie ongekwalfiseerd nie. Aan die een kant is die howe soos in die geval van ander spesialisigtings tradisioneel weliswaar huiwerig om met besluite wat op akademiese gronde geneem is in te

¹³⁸ 438 US 265 (1978) 312.

¹³⁹ *Daggett v Bullitt* 377 US 360 (1964); *Whitehall v Elkins, President, University of Maryland* 389 US 64 (1967); *Grove City College v Bell* 104 S Ct 1121 (1984).

¹⁴⁰ Gilbertson "The supreme court and academe: the evolution of constitutional doctrines for higher education" referaat Chicago (1985) 24 verklaar: "Thus it was made manifestly clear by at least 1967 that academic freedom was a concept embodied somewhere and somehow within the First Amendment to the United States Constitution." Sien ook Byrne 288; Murphy 23-25.

¹⁴¹ Byrne 253. Barrow "Academic freedom and the university Title VII suit after *University of Pennsylvania v EEOC* and *Brown v Trustees of Boston University*" 1990 *Vanderbilt Law Review* 1579 verwys ook na 'n "elusive" en "unwieldy doctrine".

¹⁴² Byrne 338.

¹⁴³ Byrne 262.

¹⁴⁴ Rabban "A functional analysis of 'individual' and 'institutional' academic freedom under the First Amendment" 1990 *Law and Contemporary Problems* 243.

¹⁴⁵ 250 (hr Warren).

¹⁴⁶ 262 (r Frankfurter).

¹⁴⁷ 312 (r Powell). Sien ook *Princeton University v Schmid* 455 US 100 (1982).

¹⁴⁸ Sien by Leslie 1-3; Gilbertson 7 ev; Finkin "On institutional academic freedom" 1983 *Texas Law Review* 871.

¹⁴⁹ 102 S Ct 269 (1981) 279.

¹⁵⁰ 474 US 214 (1985).

¹⁵¹ 263. Dit was 'n opsomming van 'n verklaring deur dosente van die Universiteit van Kaapstad en die Witwatersrand van 1957 waarna r Frankfurter met goedkeuring verwys het.

meng.¹⁵² Nogtans word outonomie beperk deur ander fundamentele regte¹⁵³ en deur wetgewing deur federale en doelstaatowerhede.¹⁵⁴ Wat eersgenoemde betref, is al beslis dat outonomie nie die beperking van godsdiensvryheid,¹⁵⁵ vryheid van assosiasie¹⁵⁶ en vrye spraak¹⁵⁷ regverdig nie. Outonomie mag ook nie uitgeoefen word op 'n wyse wat strydig is met die gelykheidsbeginsel nie.¹⁵⁸ In 'n reeks beslissings is die *due process*-leerstuk soos vervat in die *bill of rights* op die afdanking van dosente van toepassing gemaak.¹⁵⁹ In die proses het die vertroulikheid van besluite oor dosente se dienstermyne grootliks in die slag gehly.¹⁶⁰

In wese het in al hierdie beslissings 'n afweging van outonomie en ander fundamentele regte, spesifiek akademiese vryheid, plaasgevind.¹⁶¹ In hierdie verband is dit opvallend dat in feitlik geen beslissing die howe die *state action*-leerstuk¹⁶² as grondslag geneem het vir die afdwinging van individuele akademiese vryheid teen 'n universiteit nie.¹⁶³ Aangesien alle openbare universiteite staatsfondse ontvang en dit om daardie rede maklik sou wees om die leerstuk toe te pas, kan die afleiding gemaak word dat die tradisionele erkenning van outonomie en moontlik ook die howe se terughoudendheid ten opsigte van akademiese sake, vir hulle huiwering om die leerstuk van toepassing te maak, verantwoordelik is. Daar word ook op gewys dat toepassing van die leerstuk tot die anomalieë sal lei dat dosente aan openbare universiteite beskerm word, maar nie aan private universiteite nie¹⁶⁴ en dat universiteite hulle outonomie ingevolge die *bill of rights* sal kan afdwing ten spyte daarvan dat hulle volgens die definisie van die leerstuk self staatsinstellings is.¹⁶⁵

¹⁵² "Courts do not and cannot intervene in the resolution of conflicts which arise in the daily operation of school systems and which do not directly and sharply implicate basic constitutional values" (*Epperson v Kansas* 393 US 97 (1968)). Sien ook *Board of Curators v Horowitz* 435 US 78 (1978); Hobbs "The courts" in Altbach en Berdahl 211-212; Leslie 11. Meitertyd het 'n kentering in die howe se streng terughoudendheid ingetree: in *Sweezy v Keene State College* 569 F2d 169 (1978) se die hof weerhouding moenie lei tot abdikasie van die hof se verantwoordelikheid nie (175-176). Sien ook *Brown v Trustees of Boston University* 110 S Ct 3217 (1990); *University of Pennsylvania v Equal Employment Opportunities Commission* 110 S Ct 577 (1990); Dumas, McIntyre en Zelnick "Parate v Isibor: resolving the conflict between the academic freedom of the university and the academic freedom of university professors" 1990 *JCUL* 717.

¹⁵³ Daarom verklaar Dumas ea 717: "Academic freedom is a qualified, rather than an absolute right." Sien ook Daughtrey 240.

¹⁵⁴ Leslie 10.

¹⁵⁵ *Widmar v Vincent* 454 US 263 (1981).

¹⁵⁶ *Stochower v Board of Higher Education* 350 US 551 (1956).

¹⁵⁷ *Tinker v Des Moines Independent Community School District* 393 US 503, 89 S Ct 733 (1969).

¹⁵⁸ Sien die *Bob Jones University*-saak 103 S Ct 2017 (1983). Sien ook *Bakke*; *Brown*; *Frost*.

¹⁵⁹ "Shifting meanings of academic freedom: an analysis of *University of Pennsylvania v EEOC*" 1991 *JCUL* 329.

¹⁶⁰ *Adler, Stochower, Bellan v Board of Education* 357 US 399 (1958); *Perry v Sinderman* 408 US 593 (1972); *Board of Regents v Roth* 408 US 564 (1972).

¹⁶¹ *Pennsylvania v Parate v Isibor* 868 F2d 821 (1989); *Kahn v Superior Court of the County of Santa Clara* 233 Cal R 662, 188 Cal App 3d 752 (1987). Sien oor lg beslissing *Cunningham, Leeson en Stadler "Kahn v Superior Court of the County of Santa Clara: the right to privacy and the academic freedom privilege with respect to confidential peer review materials"* 1988 *JCUL* 73.

¹⁶² Dumas ea 719; Rabban 300.

¹⁶³ Die uitgangspunt is dat die *bill of rights* slegs staatsoptrede bind en dat dit afdwingbaar is teen enige instansie wie se optrede as staatsoptrede beskou kan word. Sien *Rotunda Modern constitutional law: cases and notes* (1985) 401 ev. Instansies wat finansieel en ander steun van die staat ontvang, val by hieronder (*Norwood v Harrison* 413 US 455 (1973)).

¹⁶⁴ In *Krohn v Harvard Law School* 552 F2d 21 (1977) is by uitdruklik beslis dat ondanks staatsubsidies die handelinge van 'n universiteit nie op staatsoptrede neerkom nie. Sien daarteenoor *Roth*.

¹⁶⁵ Byrne 299; Daughtrey 257-259.

¹⁶⁶ Rabban 274; Byrne 300.

S16

Enkele gevolgtrekkings kan gemaak word. *Eerstens* het akademiese vryheid en outonomie in die Verenigde State van Amerika deur regspraak as twee onderskeibare fundamentele regte ontwikkel. *Tweedens* het die juridiese aard van hierdie regte ten spyte van talle beslissings nog nie duidelik uitgekristalliseer nie. Die juridiese grondslag waarop hierdie regte van die Eerste Amendement afgelei word, is nie duidelik nie. Daar bestaan ook nog onsekerheid oor die verband tussen akademiese vryheid en outonomie, omdat die houe nie konsekwente beginselstandpunte inneem wanneer die twee in botsing kom nie. Verder blyk dit uit die regspraak dat ander fundamentele regte voorkeur geniet bo outonomie, wat eweneens vraagtens plaas agter die juridiese aard van outonomie. 'n *Derde* gevolgtrekking is dat grondwetlike verskansing deur deelstate die outonomie van universiteite nie noodwendig effektief teen staatsinmenging beskerm nie. *Vierdens* is dit duidelik dat universiteite die mate van outonomie en dosente die mate van akademiese vryheid geriet wat die samelewing, hoofsaaklik deur middel van wetgewing en regspraak, toelaat.

III SUID-AFRIKA

1 Huidige posisie

Daar is 17 universiteite in Suid-Afrika.¹⁶⁶ Elkeen bestaan kragtens 'n eie wet en almal ressorteer vir bepaalde doeleindes onder 'n sambreelwet, die Wet op Universiteite.¹⁶⁷ Ingevolge die wet adviseer 'n komitee van universiteits-hoofde¹⁶⁸ die minister van nasionale opvoeding oor algemene onderwysbeleid ten opsigte van norme en standaarde vir die finansiering van universiteite, salarisse, diensvoorwaardes en registrasie van dosente en norme en standaarde vir leerplanne en eksaminering.¹⁶⁹ Die komitee is ook verantwoordelik vir die vasstelling van minimum toelatingsvereistes.¹⁷⁰ Die wet reël verder die toekenning van staatsubsidies aan universiteite. Sodanige subsidie kan toegeken word onderworpe aan voorwaardes wat ten opsigte van elke universiteit deur die minister bepaal word.¹⁷¹ Die bestaan van 'n eie wet vir elke universiteit weerspieël die tradisionele Europese benadering tot outonomie wat in Suid-Afrika oorgeneem is. In elke wet word reëlings getref in verband met die setel en status van die betrokke universiteit, die bestuurstrukture en hulle bevoegdhede ten opsigte van aanstellings, die toelating van studente, die instelling van fakulteite, kursusse, grade, diploma's en sertifikate, die afneem van eksamens, die toekenning van grade, diploma's en sertifikate en die hantering van tussenvalle.¹⁷²

¹⁶⁶ uitgesluit die TBVC-state.

¹⁶⁷ Wet 61 van 1955.

¹⁶⁸ a 6.

¹⁶⁹ Die sake word vermeld in a 2 (1) van die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwysake 76 van 1984.

¹⁷⁰ Die wet magtig elke universiteit om 'n eie statut op te stel (a 17), maar die komitee is bevoeg om 'n gemeenskaplike statut vir universiteite op te stel (a 18).

¹⁷¹ a 25. *University of Cape Town v Ministers of Education and Culture (House of Assembly and House of Representatives)* 1988 3 SA 203 (K) is voorwaardes wat nie direk van 'n finansiële aard is nie, *ultra vires* bevind en ongeldig verklaar.

¹⁷² Sien by die Wet op die Randse Afrikaanse Universiteit 51 van 1966, die Wet op die Universiteit van Stellenbosch 107 van 1992 en die Wet op die Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg 15 van 1959.

Bepaalde beperkings bestaan op die outonomie van universiteite. Daar is minimum toelatingsvereistes wat vir alle universiteite geld. Die instelling van nuwe fakulteite, departemente, kursusse en grade,¹⁷³ die statut van 'n universiteit¹⁷⁴ en die vervreemding van onroerende eiendom,¹⁷⁵ moet deur die minister goedgekeur word. 'n Ontslaande personeelid het 'n reg van appél na die minister.¹⁷⁶ Verder kan die minister regulasies uitvaardig in verband met die instelling van fakulteite en departemente, die toekenning van beurse en lenings, interne boekhouding en ander aangeleenthede wat hy nodig ag.¹⁷⁷ Universiteite se gedeeltelike afhanklikheid van staatsubsidies moet natuurlik hierby gevoeg word.¹⁷⁸ Ten spyte van die formele, finansiële en politieke beperkings wat in die verlede veral 'n rol gespeel het, geniet Suid-Afrikaanse universiteite tradisioneel aansienlike outonomie. Dit sluit die bevoegdheid in om self hulle voertale te bepaal.¹⁷⁹

2 Die veranderende milieu

Die politieke, sosiale, ekonomiese en staatkundige veranderinge wat nou voltrek word, het klaarblyklik implikasies vir hoër onderwys. 'n Blote voelvlug dui op die volgende vraagstukke wat byvoorbeeld op die voorgrond tree:

- Ontwikkelingsvraagstukke soos armoede, werkloosheid, verstedeliking en ongeletterdheid raak universiteite nie net nie, maar vereis hulle aktiewe en sigbare betrokkenheid. Dit lei ook tot verhoogde ideologiese druk op universiteite om as sogenaamde *people's universities* deel te word van die stryd om verandering.¹⁸¹

¹⁷³ a 14 van Wet 61 van 1955.

¹⁷⁴ a 17 (2).

¹⁷⁵ Sien by a 3 van die Wet op die Universiteit van Wes-Kaapland 78 van 1983.

¹⁷⁶ a 13 van Wet 61 van 1955.

¹⁷⁷ a 28.

¹⁷⁸ Staatsubsidies word volgens 'n formule vir elke universiteit afsonderlik vasgestel en ten spyte van aansienlike besnoeiings die afgelope aantal jare, wissel subsidies steeds van 50%—60% vir tradisionele wit universiteite en van 70%—80% vir tradisionele swart universiteite (Muller 419).

¹⁷⁹ In enkele gevalle is die voertale statutêr bepaal, by a 14 van die Wet op die Universiteit van Port Elizabeth 1 van 1964, a 18 van die Wet op die Universiteit van Stellenbosch 107 van 1992 en a 31 (3) van die Wet op die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 19 van 1950. In die geval van die Universiteit van Port Elizabeth is Engels en Afrikaans die voertale, maar die toepassing daarvan is buitenaam.

¹⁸⁰ Coovadia "From ivory tower to a people's university" T B Davie gedenklesing Kaapstad (1986) 18 ev. Sien oor die grondbegrip *people's education* Centre for Adult and Continuing Education *What is people's education?* (1988); Kruss *People's education: an examination of the concept* (1988); Van den Berg "People's education: its context, essence and (possible) direction" 1990 *Orientation* 103; Van der Walt "People's education: its essence and direction" 1990 *Orientation* 136; Walters en Kruss "People's education in South Africa" 1988 *Convergence* 17; Morphet "People's education: what is to be expected?" *Reality* Maart 1987 3; Gardiner "Transforming itself: people's education for people's power and society in South Africa" *Reality* Maart 1987 8; Tothill "Giving meaning to 'people's education'" *Reality* Mei 1992 8; Mehl "From pariah to intellectual home: the UWC's microcosm of people's education" intrede UWK (1987). (Die term *people's university* het in die 19e eeu in Skandinawië en Rusland sonder enige ideologiese oorwegings ontstaan om volwasse onderrig te beskryf—Forster *School for life: a study of the people's colleges in Sweden* (1944); "People's universities in Scandinavia" *International Encyclopedia of Education* 3823—3824; Lee *The people's universities of the USSR* (1989) 20 ev.)

916

- Aandag word toenemend gevestig op swartes se beperkte toegang tot hoër onderwys.¹⁸² Probleme in hierdie verband is die standaard van sekondêre onderwys vir swartes, die taallindernis¹⁸³ en Westersgeoriënteerde leerplanne wat dikwels vreemd is aan die Afrika-konteks waarin dit aangebied word.¹⁸⁴
- Die druk om toegang tot universiteitsopleiding tot 'n breër laag van die bevolking uit te brei, skep vrae in verband met die handhawing van standaarde, oorbruggings- en ander ondersteuningsprogramme vir swart studente en regstellende optrede.¹⁸⁵ Daar bestaan natuurlik ook groot spanning tussen die verbreding van toegang en die finansiële beperkings waaronder universiteite toenemend gebuk gaan.¹⁸⁶
- Hierdie sake aksentueer ook die probleem dat veel meer algemene universiteitsonderrig as beroepsgerigte hoër onderwys in Suid-Afrika verskaf word, terwyl 'n ontwikkelende samelewing eerder die omgekeerde vereis.¹⁸⁷ Die behoefte aan spesialisasie deur en differensiasie tussen universiteite kom ook hier ter sprake.
- Die demokratisering van universiteitstrukture om groter seggenskap aan studente en administratiewe personeel te verleen, asook groter openbare aanspreeklikheid van universiteite, is kwelvrae wat ook in die toekoms sterker na vore mag tree.¹⁸⁸
- In die lig van hierdie vraagstukke is groter owerheidsbetrokkenheid by en -beheer oor universiteite in die toekoms moontlik.¹⁸⁹ Dit kan implikasies hê vir die aantal universiteite in Suid-Afrika,¹⁹⁰ hulle finansiering, karakter en voertale¹⁹¹ en vir akademiese vryheid.¹⁹² Die aard van 'n toekomstige staatkundige bedeling en veral die onderliggende politieke kultuur of ideologie sal die posisie van universiteite en akademici ook beïnvloed.

Die vraag is nou: wat staan universiteite en akademici te doen in die lig van hierdie veranderende situasie? Myns insiens moet universiteite en akademici vir hulleself duidelikheid oor twee vrae kry: 1. Watter rol het hulle in die toekoms te speel in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing en watter aanpassings is daarvoor nodig? 2. Hoe kan universiteite hulle outonomie en dosente hulle akademiese vryheid in die veranderende milieu handhaaf? Uiteraard is daar 'n noue verband tussen hierdie vrae. Die eerste val egter buite die bestek van hierdie bydrae en ek bepaal my hoofsaaklik by die tweede.

¹⁸² In 1990 was daar 289 790 studente aan Suid-Afrikaanse universiteite geregistreer, waarvan slegs 65 063 aan tradisionele swart universiteite (SANSO). Dit reflekteer nie die swart studente aan die tradisionele wit universiteite nie, maar verskaf tog 'n aanduiding van die agterstand.

¹⁸³ Gewoonlik word in hierdie verband na die Afrikaanse universiteite verwys (NEPI 51), maar dit kan kwalik wees dat Engels nie ook vir groot getalle swart studente probleme skep nie.

¹⁸⁴ NEPI 51 ev.

¹⁸⁵ NEPI 8, 10, 49-55.

¹⁸⁶ Strydom *Emerging alternatives for Afrikaans universities in the post-secondary (higher) education system of South Africa* (1992) 35.

¹⁸⁷ Strydom 29-30.

¹⁸⁸ Pau 2; Strydom 15.

¹⁸⁹ Sien die verskillende modelle vir owerheidsbetrokkenheid en -beheer in NEPI 85-86.

¹⁹⁰ NEPI 55-57; 104 ev.

¹⁹¹ NEPI 70.

¹⁹² In die NEPI-verslag word 'n stelsel van sg beperkte outonomie maar maksimum akademiese vryheid voorgestel (119). Sien afd 13 oor die verband tussen die begrippe.

3 Die regsbeskerming van akademiese vryheid en outonomie in 'n nuwe Suid-Afrika

In die lig van die moontlike invloed van die veranderende milieu op akademiese vryheid en outonomie, is dit 'n vraag in welke mate hierdie konsepte regtens beskerm kan word. Die bestaande statutêre raamwerk en tradisionele erkenning van akademiese vryheid en outonomie lyk onvoldoende, omdat dit in finale instansie van die staat se goedgesindheid afhanklik is. Daar moet dus kortliks na ander meganismes ondersoek ingestel word.

3.1 Verskansing in 'n handves van regte

Akademiese vryheid en outonomie kan in 'n handves van regte verskans word. Hierdie instrument het in die eerste plek die beskerming van persone, dit wil sê natuurlike en regspersone, teen die staat ten doel.¹⁹² 'n Handves sal akademiese vryheid en outonomie dus in die eerste plek teen aantasting deur die staat beskerm. 'n Handves kan ook beskerming teen ander persone, dit wil sê in privaatregtelike verhoudings, verleen, byvoorbeeld wanneer so 'n derde se optrede as staatsoptrede beskou kan word,¹⁹³ of wanneer die handves uitdruklik daarvoor voorsiening maak.¹⁹⁴ Die afdwinging van dosente se werking teenoor derdes het. In die lig van die onsekere grondslag waarop sodanige afdwinging in die Verenigde State van Amerika berus,¹⁹⁵ behoort dit uitdruklik in 'n handves gereël te word. Terwyl akademici ingevolge so 'n bepaling hulle vryheid teen sowel die staat as universiteite sal kan afdwing, sal universiteite dus in die unieke posisie wees dat die handves ten opsigte van outonomie aan en ten opsigte van akademiese vryheid teen hulle beskerming verleen.

Verskillende benaderings kan in verband met die beskerming van akademiese vryheid en outonomie gevolg word. *Eerstens* kan die begrippe verswyg word met die veronderstelling dat 'n reg op vrye meningsuiting soos in die Verenigde State van Amerika deur regspraak uitgebrei sal word om akademiese vryheid en outonomie in te sluit.¹⁹⁶ Iemand wat die effektiewe beskerming van akademiese vryheid en outonomie beoog, sal so 'n onsekere weg waarskynlik nie ernstig oorweeg nie. *Tweedens* kan die begrippe grondwettlik erken, maar soos in die Spaanse,¹⁹⁷ Portugese¹⁹⁸ en Mexikaanse¹⁹⁹ grondwette onderworpe gestel word aan wette oor onderwys of aan die reg in die algemeen. So 'n *claw back*-bepaling kan akademiese vryheid en outonomie nie op sigself

¹⁹² Rautenbach en Malherbe *Staatsreg* (1993) 225-226.

¹⁹³ Sien by die Duitse teorieë oor *Drittwirkung* (die gelding van 'n handves teenoor derdes) (Scholz I *Grundgesetz* (1990) 49-52; Jarass en Pieroth 37-40). Sien oor die Amerikaanse benadering, veral oor *state action* Rotunda 401 ev; Nowak, Rotunda, Young *Handbook on constitutional law* (1978) 451 ev; Abernathy *Civil rights: cases and materials* (1980) 67 ev.

¹⁹⁴ Sien by a 5 van die Namibiese en a 9 (2) van die Duitse grondwet.

¹⁹⁵ afd II 3.

¹⁹⁶ Sien afd II 3 oor die ontwikkeling.

¹⁹⁷ A 27 (10) van die Spaanse grondwet lui: "The autonomy of universities is recognised under the terms which the law provides."

¹⁹⁸ A.76 (2): "The universities shall be autonomous with respect to the adoption of their rules and shall enjoy scientific, pedagogical, administrative and financial autonomy, all in accordance with the law."

¹⁹⁹ Vlg a 3 VIII het daardie universiteite waaraan by wet outonomie verleen word, die bevoegdheid om hulleself te bestuur.

917

effektief beskerm nie, omdat die staat ingevolge die bepaling bevoeg is om na goeë dunks wetgewing aan te neem wat daarop inbreuk maak.²⁰⁰ Derdens kan die begrippe soos in die Brasiliaanse grondwet deur middel van 'n algemene bepaling gewaarborg word.²⁰⁴ Die effek van so 'n bepaling is dat die uitwerk van besonderhede vir die toepassing daarvan en van maatstawwe vir die beperking van die regte deur die owerheid, aan die howe oorgelaat word.²⁰² Dikwels bevat handveste in so 'n geval wel 'n algemene bepaling waarin beperkingsmaatstawwe uiteengesit word wat op al die regte in die handves van toepassing is.²⁰³ Die voorstelle vir 'n handves deur die regering,²⁰⁴ die ANC,²⁰⁵ Inkatha²⁰⁶ en die Suid-Afrikaanse Regskommissie²⁰⁷ is voorbeelde waar akademiese vryheid en outonomie by wyse van algemene bepalings beskerm, maar onderworpe gestel word aan 'n algemene beperkingsklousule.²⁰⁸ So 'n algemene bepaling sluit natuurlik ook nie uit dat die regte in 'n algemene universiteitswet verbesonder word nie.²⁰⁹ 'n Vierde moontlikheid is om die inhoud van die regte sowel as die beperkingsgronde so volledig moontlik in die handves te beskryf.²¹⁰ 'n Omvattende bepaling laat minder ruimte vir interpretasie deur die howe en kan regsekerheid bevorder, maar kan aan die ander kant tot onbuigsamheid lei. Dit is ook nie gebruiklik om oor elke reg uitputtende besonderhede in 'n handves op te neem nie.

²⁰⁰ Rautenbach en Malherbe 228. 'n Verbod op die aantasting van die essensie (*Wesensgehalt*) van enige reg soos in a 19 (3) van die Duitse grondwet verminder wel die effek van so 'n *claw back*-bepaling.

²⁰¹ A 207 bepaal: "The universities shall enjoy autonomy in didactical-scientific, administrative, and financial and property management matters." A 5 (3) van die Duitse grondwet kom ook op 'n algemene bepaling neer (afd II 2).

²⁰² De Mistral ea *The limitation of human rights in comparative constitutional law* (1986).

²⁰³ Sien by kl 35 van die regering, kl 16 van die ANC en kl 34 van die Regskommissie se voorstelle. Spesifieke beperkingsmaatstawwe kan ook tot bepaalde regte ingebou word—sien by weer kl 5 (11) van die ANC se voorstelle.

²⁰⁴ "Elke persoon het die reg om die kuns en wetenskap te beoefen" (kl 31). Daarbenewens bepaal kl 14 (4) (a): "Elke staatsondersteunde tersiêre onderwysinstelling het die reg om die voertaal en die religieuse en algemene karakter van die onderwysinstelling te bepaal."

²⁰⁵ "There shall be freedom of artistic activity and scientific enquiry, without censorship, subject only to such limitations as may be imposed by law in accordance with principles generally accepted in open and democratic societies" (kl 5 (11)).

²⁰⁶ "All public universities and institutes of higher education in the State shall be entitled to regulate their organization and operations within the general parameters set forth by law" (kl 48). Kl 52 bepaal verder: "The freedom of scientific research, artistic expression in all its forms and teaching is recognized and shall be guaranteed."

²⁰⁷ "Elke persoon het die reg om vrylik op die gebied van die wetenskap en die kuns doening te wees" (kl 13).

²⁰⁸ n 203.

²⁰⁹ Sien afd 3.2 hieronder.

²¹⁰ Vgl a 3 VIII van die Mexikaanse grondwet: "The universities and other institutions of higher learning to which the law grants autonomy shall have the authority and responsibility of governing themselves; they shall realize their objectives to educate, investigate and diffuse culture in accordance with the principles of this article, respecting the freedom of teaching and research and the free examination and discussion of ideas; they shall determine their curriculum; they shall set the terms for the acceptance, promotion and permanence of their academic staff; and they shall administer their endowments. Labor relations for both the academic and administrative staff, shall be governed by section A of Article 123 of this constitution, under the terms and practices established by the Federal Labor Law according to the characteristics of a special work, in such ways as to be in accordance with autonomy, the freedom of teaching and research, and the objectives of the institutions to which this paragraph refers."

Dit kom voor of die derde moontlikheid oorweging verdien. Daarvolgens kan 'n handvesbepaling soos volg lui:

- "(1) Elke persoon het die reg op vrye beoefening van kuns en wetenskap, navorsing en onderrig.
(2) Elke universiteit is outonoom ten opsigte van aangeleenthede wat met subartikel (1) verband hou."

Subartikel (1) beliggaam die beginsel van akademiese vryheid. Die bewoording van artikel 5 (3) van die Duitse grondwet word gevolg²¹¹ en stem ook grootliks ooreen met die meeste voorstelle vir 'n handves wat reeds in Suid-Afrika die lig gesien het. In Duitsland omvat die bepaling ook outonomie, maar in Suid-Afrika word die uitdruklike erkenning daarvan soos in subartikel (2) noodsaaklik geag. In Suid-Afrika gaan dit oor 'n nuwe handves, wat niks minder nie as 'n nuwe regsorde gaan meebring, ten opsigte waarvan die howe nog 'n benadering en werkswyse sal moet ontwikkel, onder meer aan die hand van plaaslike omstandighede, opvattinge en waardes. Indien dit aan die howe oorgelaat word om outonomie self by subartikel (1) in te lees, kan die heel ander konteks waarin die handves toegepas word, tot ander resultate lei as in Duitsland. In verband met subartikel (2) kan verder opgemerk word dat die kruisverwysing na subartikel (1) 'n kwalifikasie is wat die uitoefening van outonomie tot akademies-relevante sake beperk. Daarbenewens word slegs die beginsel van outonomie en nie die besonderhede daarvan nie, in subartikel (2) gewaarborg. Dit beteken eerstens dat maatstawwe vir die toepassing (en die beperking van die reg ingevolge 'n algemene beperkingsbepaling) deur die howe ontwikkel sal word. Tweedens laat dit ruimte vir die uiteensetting van besonderhede oor outonomie in 'n algemene universiteitswet, welke besonderhede natuurlik met die handvesbepaling moet strook.

3.2 Algemene universiteitswet

Die besonderhede in verband met akademiese vryheid en outonomie kan ter aanvulling van die beginsel vervat in die handves, in 'n algemene universiteitswet opgeneem word. Dit kan die lys akademies-relevante aangeleenthede wat vroeër behandel is, behels.²¹² So 'n sambreelwet sal uiteraard onderworpe wees aan die handves. Dit beteken eerstens dat die besonderhede getoets sal kan word aan die bepalings van die handves en nie daarmee mag bots nie. Tweedens sal die staat aan die besonderhede in die sambreelwet gebonde wees tensy dit ongrondwetlik bevind word. Derdens en dit spreek vanself, sal universiteite hulle gesag oor die aangeleenthede in die sambreelwet nie mag uitoefen op 'n wyse wat strydig is met ander bepalings van die handves nie. byvoorbeeld ten opsigte van die gelykheidsbeginsel, die reg op vrye spraak, godsdiensvryheid en vryheid van gewete, arbeidsregte, vrye assosiasie en dergelyke meer.

3.3 Elke universiteit se private wet

Elke Suid-Afrikaanse universiteit bestaan kragtens 'n eie (private) parlamentswet.²¹³ Ook hierdie wette sal aan die bepalings van 'n handves moet voldoen en nie besonderhede mag bevat wat strydig is met die handves nie.

²¹¹ Ten spyte van die tautologie daarin vervat (sien afd II 2), word die bewoording vir Suid-Afrikaanse omstandighede verkies (sien hieronder).

²¹² afd I 4.

²¹³ afd III 1.

918

3.4 Dewolusie na streke

'n Toekomstige staatkundige model is belangrik, maar nie deurslaggewend vir die beskerming van akademiese vryheid en outonomie nie. Soms word die afwenteling van owerheidsbeslag oor universiteite na streekregerings bepleit ten einde die moontlikheid van inmenging deur die sentrale regering te verminder. Dit sal ooreenstem met die posisie in die meeste federale state. Uit die bespreking van die posisie in die Verenigde State van Amerika het dit egter geblyk dat die deelstate self deur wetgewing en finansiële en ander druk in 'n aansienlike mate op akademiese vryheid en outonomie inbreuk maak.²¹⁴ Dit is betekenisvol dat in sommige deelstate sodanige inmenging met die goedkeuring van die houe plaasvind omdat hulle die erkenning van outonomie in die betrokke deelstaat-grondwette²¹⁵ as onvoldoende beskerming beskou. Die gevolgtrekking is onvermydelik dat dewolusie na streke *per se* nie akademiese vryheid en outonomie kan waarborg nie. Die groter ooreenstemming van belange kan nietemin bydra tot 'n goeie verstandhouding tussen 'n universiteit en die betrokke streekregering en tot 'n gunstige atmosfeer vir die beskerming van akademiese vryheid en outonomie.

4 Verbandhoudende aspekte

Beklemtoning van die regsbeskerming van akademiese vryheid en outonomie kan die indruk wek dat dit die enigste belangrike vraagstuk is wat vir universiteite en akademici voor die deur lê; trouens, dat dit die enigste meganisme is waardeur universiteite en akademici hulleself in die toekoms sal kan handhaaf. So 'n benadering sou uiters kortsigtig en waarskynlik selfs kontra-produktief wees. Akademiese vryheid en outonomie is geen doel in sigself nie en die aandrag op die regsbeskerming daarvan kan die indruk by die staat en die publiek wek dat universiteite en akademici tog maar net selfgerig is en in hulle sogenaamde ivoortoring gekluister wil bly, nie enige sosiale verantwoordelikheid wil aanvaar nie en gevolglik nie op akademiese vryheid en outonomie geregtig behoort te wees nie. Terwyl die regsbeskerming van universiteite en akademici klaarblyklik noukeurige aandag verdien, mag derhalwe nie nagelaat word om die ander vraag waarna vroeër verwys is, naamlik watter rol universiteite en akademici in die toekomstige ontwikkeling van Suid-Afrika behoort te speel, ook te beantwoord nie. Dit vereis dringende besinning oor aspekte soos die volgende:²¹⁶

- die vind van 'n balans tussen die verbreding van toegang tot universiteitsopleiding, die handhawing van standaarde en gemeenskapsbetrokkenheid;²¹⁷
- die hantering van regstellende aksies ten opsigte van sowel studente as dosente;²¹⁸
- die behoefte aan 'n verskuiwing van algemene akademiese na beroepsgerigte onderrig;²¹⁹
- die demokratisering en rasionalisering van universiteitstrukture en groter finansiële selfstandigheid;²²⁰ en

²¹⁴ afd II 3.

²¹⁵ dmv. verlening van 'n konstitusionele status.

²¹⁶ Sien die betoog van Strydom 20 ev.

²¹⁷ NEPI 10, 115-117; Strydom 20-21.

²¹⁸ NEPI 113-115.

²¹⁹ Strydom 24 ev.

²²⁰ 15, 35.

- moontlike toekomstige regeeringsbeleid ten opsigte van byvoorbeeld die aard en omvang van hoër onderwys en die finansiering daarvan.²²¹

Die formulering van 'n weloorwoë en verantwoorde standpunt oor die rol van universiteite en akademici in 'n nuwe Suid-Afrika kan hulle goeie trou teenoor die samelewing bevestig en noodsaaklike ondersteuning vir akademiese vryheid en outonomie verseker.²²² Natuurlik is 'n ewe duidelike beginselstandpunt oor die wenslikheid en noodsaaklikheid van akademiese vryheid en outonomie gebaseer op opvoedkundige, ekonomiese, morele en politieke argumente, net so deurslaggewend. Op hierdie twee pilare rus enige standpunt ten gunste van die regsbeskerming van akademiese vryheid en outonomie in 'n nuwe Suid-Afrika.

SUMMARY

THE LEGAL PROTECTION OF ACADEMIC FREEDOM AND UNIVERSITY AUTONOMY IN A NEW SOUTH AFRICA

This article concludes that legal protection of academic freedom and university autonomy is necessary in order for academics and universities to realise their optimum contribution to science and play a constructive role in the development of society.

The terms academic freedom and university autonomy are related to the mission of a university to pursue knowledge and understanding through research and teaching. Academic freedom accordingly refers to the freedom of the individual teacher to teach and do research at his discretion and without outside interference, while autonomy can be described as the independence of a university with regard to matters related to its mission, viz academic matters.

Academic freedom and autonomy cannot, however, be taken for granted. Throughout history tension has existed between universities and society and universities continuously have been engaged in the protection of their freedom and autonomy against interference from the state. With reference to countries such as Britain, Germany and the United States, it is argued that legal rules are necessary to regulate the relationship between universities and academics on the one and society on the other hand and to protect academic freedom and autonomy. It is suggested that academic freedom and autonomy be protected through an entrenched bill of rights and not through ordinary parliamentary legislation as in Britain and at present in South Africa. In addition, the particulars may be expounded in a general law on universities, as well as in the private law of each university. These laws are subject to the bill of rights.

Mere insistence on the legal protection of academic freedom and autonomy may, however, create the impression that universities and academics are self-centred and bent on keeping to their proverbial ivory tower, not prepared to accept any social responsibility and therefore not entitled to academic freedom and autonomy. Urgent consideration of issues such as the following is therefore necessary:

- involvement of universities and academics in solving developmental problems such as poverty, joblessness, illiteracy and urbanisation;
- the extension especially to blacks, of access to university training, creating further problems with regard to maintaining standards, the obstacles created by English and Afrikaans and Western orientated curricula, the need for bridging programs and the necessity of affirmative action;
- balancing the extension of access to universities and the ever increasing financial restrictions imposed on universities;
- the need for redirecting the emphasis on general academic to career orientated post-secondary education in South Africa;
- the democratisation and rationalisation of university structures and stronger public accountability which may become more pronounced in future;
- the possible policy on universities of a future government.

²²¹ NEPI 104-109, 110-112, 121; Strydom 42.

²²² Hook (1970) 36 se opmerking kan nie genoeg beklemtoon word nie: "The viability of academic freedom rests not only on its support by the community of scholars but even more on the support of the general community."

919